# DIE KOMMUNISTE-MANIFES

DEUR KARL MARX EN FRIEDRICH ENGELS

3d.

# Die Kommuniste-Manifes

deur

## Karl Marx en Friedrich Engels

Inleiding deur

## LEON TROTSKY

WERKERSPARTY VAN SUID-AFRIKA

*Van hierdie vertaling word die Kopieregte*

*voorbehou deur die Werkersparty*

*van Suid-Afrika.*

*Gedruk deur Cowens Printing Works, Kaapstad.*

# INHOUDSUITGAWE.


Inleiding deur Leon Trotsky .. .. .. .. .. 3

Die Kommuniste-Manifes .. .. .. .. 15

I. Bourgeoisie en Proletariaat .. .. 15

II. Proletariërs en Kommuniste .. .. 27

III. Sosialistiese en Kommunistiese Literatuur 36

1. Reaksionêre Sosialisme .. .. 36

(a) Feudale Sosialisme .. .. 36

(b) Kleinburgerlike Sosialisme .. 38

(c) Duitse of Ware Sosialisme .. 39

2. Konserwatiewe of Bourgeois-Sosialisme .. .. .. .. .. 41

3. Krities-Utopiese Sosialisme en Kommunisme . .. .. .. .. 43

IV. Verhouding van die Kommuniste tot die Verskillende Opposisiepartye .. .. 45

*Byvoegsel.*

Voorwoord tot die Duitse Uitgawe van 1872 47

# Negentig Jaar van die Kommuniste-Manifes

*Inleiding tot die Eerste Uitgawe van die Manifes in Afrikaans*

Deur LEON TROTSKY

---

'n Mens kan dit skaars glo dat die *Kommuniste-Manifes* oor slegs tien jaar reeds sy eeufees vier! Hierdie pamflet, waarin groter genie aan die dag gelê word as in enige ander in die wêreld-letterkunde, verbaas ons vandag nog deur sy frisheid. Die belangrikste dele daarin skyn gister geskrywe te wees. Voorwaar, die jong opstellers (Marx was 29, Engels 27) was in staat om verder die toekoms in te sien as enigiemand voor hulle, en miskien enigiemand ná hulle.

Reeds in hul gesamentlike inleiding tot die uitgawe van 1872 het Marx verklaar dat ten spyte daarvan dat sekere ondergeskikte dele van die *Manifes* verouderd geraak het, hulle gevoel het dat hulle nie meer die reg gehad het om verandering in die oorspronklike teks aan te bring nie, omdat die *Manifes* in die 25 jaar wat intussen verloop het, reeds 'n historiese dokument geword het. Sedert dié tyd het nog vyf-en-sestig jaar verloop. Geïsoleerde passate in die *Manifes* het meer en meer deel van die verlede geword. Ons sal in hierdie inleiding 'n poging aanwend om op beknopte wyse aan te dui watter begrippe in die *Manifes* vandag nog hul volle krag behou, asook die wat belangrike verandering of aanvulling nodig het.

1. Die materialistiese geskiedenis-opvatting, wat kort tevore eers deur Marx ontdek en op meesterlike wyse in sy *Manifes* ingelyf is, het met volslae sukses die toets van gebeurtenisse en die aanvalle van vyandige kritiek weerstaan. Dit maak vandag een van die waardevolste werktuie van die mens se denke uit. Alle ander uitleggings van die gang van die geskiedenis het alle wetenskaplike betekenis verloor. Ons kan met sekerheid verklaar dat dit in ons tyd onmoontlik is nie alleen om

'n strydende rewolusionêre te wees nie, maar selfs om 'n intelligente waarnemer van die politiek te wees sonder om die materialistiese geskiedenis-opvatting aan te neem.

2. Die eerste hoofstuk van die *Manifes* het die volgende aanhef: „ Die geskiedenis van alle maatskaplike lewe wat tot dusver bestaan het, is 'n geskiedenis van klassestryd! Hierdie stelling, die allerbelangrikste gevolgtrekking wat uit die materialistiese geskiedenisopvatting gemaak is, het onmiddellik 'n strydpunt in die klassestryd geword. Bitter venynige aanvalle is deur reaksionêre huigelaars, liberale leerstellers en idealistiese demokrate gerig teen die teorie wat die stryd tussen stoflike belange as die dryfkrag in die plek gestel het van dié van „ onderlinge welsyn," „ volkseenheid " en „ ewigdurende sedelike waarhede ". Later het daar by hulle aangesluit vrywilligers vanuit die geledere van die arbeiderbeweging self, die sogenoemde revisioniste, dit is, die voorstanders van die revisie (hersiening) van die Marxisme in die lig van klassesamewerking en klassekonsiliasie. Uiteindelik het daar in ons tyd die veragtelike epigone van die Internasionale Kommuniste-party (die „ Staliniste ") in praktyk dieselfde weg opgegaan; die beleid van die sogenaamde „ Volksfront " vloei in sy geheel voort uit die ontkenning van die wette van die klassestryd. Intussen is dit juis die tydvak van die imperialisme, wat alle maatskaplike teenstellings tot die hoogste punt van spanning voer, wat aan die *Kommuniste-Manifes* sy grootste *teoretiese* triomf besorg.

3. Die ontleding van kapitalisme, as 'n spesifieke stadium in die ekonomiese ontwikkeling van die maatskappy, is in sy volledige vorm deur Marx in *Das Kapital* (1867) uiteengesit. Maar reeds in die *Kommuniste-Manifes* word die hooftrekke van die toekomstige ontleding duidelik omlyn: die besoldiging vir arbeidskrag as gelykstaande met die koste van die produksie daarvan; die toeëiening van surplus-waarde deur die kapitaliste; wedywer as die grondslag van alle maatskaplike verhoudings; die vernietiging van tussen-klasse, d.i. die stedelike klein-bourgeoisie en die kleinboerebevolking; die sametrekking van rykdom in die hande van 'n steeds kleiner wordende getal eiendomsbesitters aan die een pool en die aansienlike groei van die proletariaat aan die

ander; die voorbereiding van die ekonomiese en politieke toestande wat die sosialistiese bewind voorafgaan.

4. Die stelling in die *Manifes* aangaande die neiging van die kapitalisme om die lewenstandaarde van die werkers te verlaag en selfs om hulle tot die uiterste armoede at te druk, is hewig aangeval. Predikante, professore, ministers, joernaliste, sosiaal-demokratiese teoretici en vakunieleiers het hulle gestel aan die voorhoede van die teenstanders van die sogenaamde „teorie van verarming." Hulle het gedurig tekens van toenemende voorspoed onder die werkers weet te bespeur, terwyl hulle die arbeider-aristokrasie voorgehou het asof dit die proletariaat is, of 'n verbygaande neiging as van blywende aard aangesien het. Intussen het egter selfs die ontwikkeling van die magtigste kapitalisme van die wêreld, naamlik dié van die Verenigde State van Amerika, miljoene arbeiders omskep in verarmdes, wat aan die lewe gehou word deur federale, munisipale of private liefdadigheid.

5. Teenoor die *Manifes,* wat handels- en nywerheidskrisisse as 'n reeks steeds meer omvangryke op mekaar volgende rampe voorgestel het, het die revisioniste volgehou dat die nasionale en internasionale ontwikkeling van trusts 'n beheer oor die mark sou verseker en geleidelik tot die afskaffing van krisisse sou lei. Die slot van die vorige eeu en die begin van die huidige is inderdaad gekenmerk deur 'n ontwikkeling van kapitalisme wat so onstuimig was dat dit krisisse as slegs „toevallige" stremmings laat voorkom het. Maar hierdie tydvak is onherroepelik verbygegaan. In sy kern het die waarheid in hierdie vraagstuk, soos in die ander, geblyk aan die kant van Marx te staan.

6. „Die uitvoerende liggaam van die moderne staat is niks meer nie as 'n komitee vir die behartiging van die gemeenskaplike sake van die hele bourgeoisie." Hierdie bondige formule, waarop die leiers van die sosiale demokrasie neergesien het as 'n joernalistieke paradoks, bevat inderdaad die enigste wetenskaplike teorie ten opsigte van die staat. Die demokrasie wat deur die bourgeoisie geskep is, is nie, soos sowel Bernstein as Kautsky gemeen het, 'n leë sak wat 'n mens maar sonder hinder met enige klasse-inhoud kan vul nie. Bourgeoisdemokrasie kan alleen die bourgeoisie dien. 'n Regering

van die „Volksfront," onverskillig of Blum of Chautemps, Caballero of Negrin aan die hoof daarvan staan, is slegs „ 'n komitee vir die behartiging van die gemeenskaplike belange van die hele bourgeoisie ". Wanneer hierdie „ komitee " sake sleg bestuur, skop die bourgeoisie hom eenvoudig uit.

7. „ Elke klassestryd is 'n politieke stryd." „ Die organisasie van die proletariaat tot 'n klas (is) derhalwe sy organisasie tot 'n politieke party." Lede van vakunies aan die een kant, en anargo-sindikaliste aan die ander kant het al lankal — soos hulle reeds nou weer doen — 'n begrip van hierdie historiese wette probeer ontduik. Die stelsel van „ suiwere " vakunies het pas 'n verpletterende slag ontvang in sy vernaamste toevlugsoord, die Verenigde State. Anargo-sindikalisme het 'n onherstelbare nederlaag gely in sy sterkste vesting, Spanje. Ook hier het geblyk dat die *Manifes* gelyk gehad het.

8. Die proletariaat kan nie die mag verower binne die geregtelike raamwerk wat deur die bourgeoisie opgerig is nie. „ Kommuniste verklaar openlik dat hulle hul doel alleen kan bereik deur die geweldadige omverwerping van alle bestaande maatskaplike toestande." Die reformisme het hierdie stelling van die *Manifes* probeer verklaar op grond van die onrypheid van die beweging en die ontoereikende ontwikkeling van die demokrasie in dié tyd. Die lot van Italiaanse, Duitse en 'n groot aantal ander „ demokrasieë " bewys dat „ onrypheid " juis die kenmerkende eienskap van die idees van die reformiste self is.

9. Vir die sosialistiese omvorming van die maatskappy moet die arbeiderklas alle sodanige mag in sy hande konsentreer wat elke politieke hindernis, wat die weg tot die nuwe stelsel versper, sal kan vernietig. „ Die proletariaat georganiseer as die heersende klas " . . . dit is die diktatorskap. Terselfdertyd is dit die enigste proletariese demokrasie. Sy omvang en diepte hang af van die konkrete historiese omstandighede. Hoe groter die getal state wat die weg van die sosialistiese rewolusie inslaan, hoe vryer en meer buigsaam sal die vorms wees wat die diktatorskap sal aanneem, en hoe breër en meer vérreikend sal die arbeiders se demokrasie wees.

10. Die internasionale ontwikkeling van kapitalisme het

vooraf die internasionale karakter van die proletariese rewolusie bepaal. „ Gesamentlike optrede, van die vooraanstaande beskaafde volke ten minste, is een van die eerste voorwaardes vir die vrywording van die proletariaat." Die verdere ontwikkeling van kapitalisme het alle afdelings van ons planeet, „ beskaafde " sowel as „ onbeskaafde ", so nou met mekaar verbind dat die vraagstuk van die sosialistiese rewolusie geheel en al en beslis van wêreldomvang geword het. Die Sowjet-bureaukrasie het die *Manifes* probeer likwideer ten opsigte van hierdie fundamentele vraag. Die Bonapartistiese ontaarding van die Sowjetstaat is 'n oorweldigende voorbeeld van hoe vals die teorie van sosialisme in een land is.

11. „ As in die loop van die ontwikkeling klasse-onderskeid verdwyn het, en alle produksie in die hande van 'n reusagtige vereniging van die hele volk gekonsentreer is, dan sal die openbare mag sy politieke karakter verloor het." Met ander woorde: die staat krimp weg. Die maatskappy bly staan, bevry van sy dwangbuis. Daarin bestaan sosialisme. Die omgekeerde stelling: die reusagtige toename van staatsdwang in die U.S.S.R. is 'n veelseggende bewys dat die maatskappy besig is om hom van die sosialisme af weg te beweeg.

12. „ Die arbeiderklas het geen vaderland nie." Hierdie woorde van die *Manifes* is meer as eenmaal al deur filistyne uitgemaak vir die slimpraatjie van ophitsers. Inderdaad het hierdie woorde die proletariaat egter voorsien van die enigste denkbare rigsnoer in die vraagstuk van die kapitalistiese „ vaderland." Die veronagsaming van hierdie rigsnoer deur die Tweede Internasionale het nie alleen vier jaar van verwoesting in Europa teweeggebring nie maar ook die huidige stagnasie in die wêreldbeskawing veroorsaak. Met die oog op die voor die deur staande nuwe oorlog, waarvoor die verraad van die Derde Internasionale die weg voorberei het, bly die *Manifes* selfs nou nog die betroubaarste raadgewer in die saak van die kapitalistiese „ vaderland ".

* * * * * *

So sien ons dus dat die gesamentlike en betreklik beknopte voortbrengsel van twee jong skrywers nog voortgaan om 'n onvervangbare rigsnoer te gee in die mees belangrike

en brandende vraagstukke in verband met die stryd om vrywording. Watter ander boek kan selfs vérlangs in hierdie opsig vergelyk word by die *Kommuniste-Manifes?* Maar dit sê nog nie dat dit na negentig jaar van ongeëwenaarde ontwikkeling van die produksie-magte en geweldige maatskaplike stryd nie nodig is om tot die *Manifes* by te voeg of daar verbeterings in aan te bring nie. Programme en voorspellings word op die proef gestel en gewysig in die lig van die ondervinding, wat die hoogste maatstaf is waaraan die mens sy denke kan toets. Ook die *Manifes* het behoefte aan verbeterings en aanvullings. Soos die ondervinding van die geskiedenis egter self bewys, kan hierdie verbeterings en aanvullings alleen met sukses geskied as hulle uitgevoer word volgens die metode wat deur die wese van die *Manifes* self vasgelê is. Ons sal probeer om dit in verskeie van die belangrikste gevalle aan te dui.

1. Marx het ons geleer dat geen maatskaplike stelsel uit die stryperk van die geskiedenis verdwyn voordat hy sy skeppende moontlikhede geheel en al uitgeput het nie. Die *Manifes* kasty die kapitalisme op grond dat dit die ontwikkeling van die produksie-kragte vertraag. Gedurende hierdie tydperk egter, sowel as in die daaropvolgende dekades, was hierdie vertraging slegs *relatief* van aard. As dit in die tweede helfte van die XIXde eeu moontlik gewees het om die ekonomie op sosialistiese grondslag te organiseer, dan sou sy groei onmeetlik vinniger gewees het. Maar hierdie teoreties onweerlegbare stelling neem nie die feit weg dat die produksie-kragte tot op die tyd van die Wêreldoorlog voortgegaan het om op 'n wêreldskaal uit te brei nie. Dit is slegs in die afgelope twintig jaar dat, ten spyte van die mees moderne vordering van die wetenskap en die tegnologie, die tydperk van algehele stagnasie en selfs agteruitgang van die wêreld-ekonomie begin het. Die mensdom het begin om sy opgehoopte kapitaal uit te gee, terwyl die volgende oorlog dreig om selfs die fondament van die beskawing vir baie jare te vernietig. Die skrywers van die *Manifes* het gemeen dat die kapitalisme van die baan geskuiwe sou word lank voor die tyd dat dit van 'n betreklik reaksionêre regime sou verander geword het tot 'n volkome reaksionêre regime.

Hierdie vormverandering het eers voor die oë van die huidige geslag plaasgevind en ons tydvak omskep in 'n tydvak van oorloë, rewolusies en fascisme.

2. Die fout wat Marx en Engels gemaak het ten opsigte van die historiese datums het voortgevloei, aan die een kant, uit 'n geringskatting van die toekomstige moontlikhede wat daar in die kapitalisme geskuil het, en, aan die ander kant, uit 'n te hoë skatting van die rewolusionêre rypheid van die proletariaat. Die rewolusie van 1848 het nie oorgegaan tot 'n sosialistiese rewolusie soos die *Manifes* gereken het nie, maar het vir Duitsland die moontlikheid vir 'n reusagtige toekomstige kapitalistiese ontwikkeling aangedui. Die Parysse Kommune het bewys dat die proletariaat, sonder 'n beproefde rewolusionêre party aan sy hoof, nie die mag uit die hande van die bourgeoisie kan ruk nie. Intussen het die langdurige tydperk van kapitalistiese voorspoed wat daarop gevolg het, nie die opleiding van die rewolusionêre voorhoede meegebring nie maar eerder die bourgeois-ontaarding van die arbeideraristokrasie, wat op sy beurt weer die vernaamste blok aan die been van die proletariese rewolusie geword het. Uit die aard van die saak kon die skrywers van die *Manifes* nie moontlik hierdie „ dialektiek " voorsien het nie.

3. Vir die *Manifes* was kapitalisme . . . die koninkryk van vrye wedywering. Terwyl dit verwys het na die toenemende konsentrasie van kapitaal, het die *Manifes* nie die nodige gevolgtrekking gemaak aangaande die monopolie-stelsel nie, wat die oorheersende vorm is wat die kapitalisme in ons tydvak aanneem en die belangrikste voorafgaande voorwaarde vir 'n sosialistiese ekonomie is.

Slegs later, in *Das Kapital,* het Marx die neiging van vrye wedywering om oor te slaan na monopolie vasgestel. Dit was Lenin wat 'n wetenskaplike omskrywing van monopolie-kapitalisme in sy *Imperialisme* gegee het.

4. Waar hulle hul waarnemings hoofsaaklik op die voorbeeld van die „ industriële rewolusie " van Engeland gegrond het, het die skrywers van die *Manifes* 'n algeheel te eensydige voorstelling van die proses van ontbinding van die tussen-klasse voorgehou as 'n proletarisasie op groot skaal van handwerkers, kleinhandelaars en kleinboere.

Inderdaad het die oermagte van wedywering nog lank nie hierdie progressiewe en gelyktydig barbaarse werk voltooi nie. Kapitalisme het die klein-bourgeoisie baie vinniger vernietig as wat dit hom geproletariseer het. Buitendien het die bourgeois-staat lank reeds sy beleid bewustelik gestuur in die rigting van die kunsmatige instandhouding van die kleinburgerlike stande. Aan die teenoorgestelde kant is die ontwikkeling van die tegnologie en die rasionalisasie van die grootskaalnywerheid besig om kroniese werkloosheid te skep en die proletarisasie van die klein-bourgeoisie teen te gaan. Gelyktydig hiermee het die ontwikkeling van die kapitalisme tot die hoogste mate die styging in die reusagtige getalle tegnici, bestuurders, kommersiële werknemers, in kort die sogenoemde „ nuwe middestand ", versnel. Die gevolg hiervan is dat die tussen-klasse, van wie die *Manifes* so beslis werklaar dat hulle sou verdwyn, selfs in so 'n hoogs geïndustrialiseerde land as Duitsland omtrent die helfte van die bevolking uitmaak. Die kunsmatige instandhouding van die verouderde klein-bourgeoisiestand versag egter hoegenaamd nie die maatskaplike teenstrydighede nie, maar maak hulle eerder soveel meer verderflik, en daarin, tesame met die permanente leër van werkloses, bestaan die gruwelikste vorm wat die verval van die kapitalisme aanneem.

5. Bedoel vir 'n rewolusionêre tydvak, bevat die *Manifes* (aan die end van Hoofstuk 11) tien eise, wat betrekking het op die tydvak van regstreekse oorgang van kapitalisme tot sosialisme. In hul inleiding in 1872 het Marx en Engels reeds verklaar dat hierdie eise deels verouderd geraak het en in alle geval van bykomende belang was. Die reformiste het hierdie verklaring uitgelê asof dit sou aandui dat verbygaande rewolusionêre eise vir altyd hul plek afgestaan het aan die sosiaaldemokratiese „ minimum-program ", wat, soos bekend is, nie die perke van bourgeoisie-demokrasie te buite gaan nie. Inderdaad het die skrywers van die *Manifes* heeltemal duidelik die belangrikste verbetering op hul oorgangsprogram aangedui, naamlik: „die arbeidende klas kan nie eenvoudig die klaargemaakte staatsmasjinerie oorneem en dit vir sy eie doeleindes aanwend nie ". Met ander woorde, die verbetering is gerig teen die fetisjisme van die bourgeoisie-demokrasie. Marx het later die staat volgens die tipe van die Kommune teenoor die kapitalis-

tiese staat gestel. Hierdie „tipe" het naderhand die soveel duideliker vorm van die Sowjets aangeneem. Daar kan vandag geen rewolusionêre program bestaan sonder Sowjets en sonder *beheer deur die werkers* nie. Origens het die tien eise van die *Manifes,* wat in 'n tyd van vreedsame parlementêre bedrywigheid as „verouderd" voorgekom het, vandag weer van volle krag geword. Die sosiaal-demokratiese „minimum-program" het aan die ander kant hopeloos verouderd geraak.

6. Waar hy sy verwagting grond op die feit dat „die Duitse bourgeois-rewolusie slegs die voorloper sal wees van 'n onmiddellik daaropvolgende proletariese rewolusie," haal die *Manifes* die veel meer gevorderde toestande van Europese beskawing aan, vergeleke by dié wat in Engeland in die 17de eeu en in Frankryk in die 18de eeu bestaan het, asook die veel groter ontwikkeling van die proletariaat. Die fout in hierdie voorspelling het nie slegs in die datum bestaan nie. Die rewolusie van 1848 het binne 'n paar maande getoon dat juis onder meer gevorderde toestande nie een van die bourgeois-klasse in staat is om die rewolusie tot voltooiing te bring nie; die groot- en midde-bourgeoisie is te nou verbind met die grondbesitters en te veel geknel deur vrees vir die massa; die klein-bourgeoisie is veels te veel verdeeld en in sy hoër lae te veel afhanklik van die groot-bourgeoisie. Soos blyk uit die hele daaropvolgende ontwikkeling in Europa en Asië, kan die bourgeois-rewolusie, op sigself genome, in die algemeen nie meer verwesenlik word nie. 'n Volkome reiniging van die maatskappy van ou feudale afval is alleen moontlik op voorwaarde dat die proletariaat, bevry van die invloed van die bourgeoisie-partye, sy plek kan inneem aan die hoof van die kleinboerestand en sy rewolusionêre diktatorskap bevestig. Op hierdie wyse word die bourgeois-rewolusie ineengevleg met die eerste stadium van die sosialistiese rewolusie, om daarop dan in laasgenoemde opgelos te word. Die nasionale rewolusie word hierdeur 'n skakel van die wêreld-rewolusie. Die herskepping van die ekonomiese fondament en van alle maatskaplike verhoudings neem dan 'n permanente (ononderbroke) aard aan.

Vir die rewolusionêre partye in agterlike lande in Asië, Latyns Amerika en Afrika is 'n duidelike begrip van die organiese verband tussen die demokratiese

rewolusie en die diktatorskap van die proletariaat — en daardeur die internasionale sosialistiese rewolusie — 'n saak van lewe en dood.

7. Terwyl hy aantoon hoe die kapitalisme agterlike en barbaarse lande in sy draaikolk intrek, word daar nêrens in die *Manifes* verwys na die stryd om onafhanklikheid deur koloniale en half-koloniale lande nie. In soverre Marx en Engels die sosiale rewolusie „ altans in die vernaamste beskaafde lande " beskou het as 'n saak wat binne die volgende paar jaar afgehandel sou word, was die koloniale vraagstuk vir hulle outomaties opgelos, nie as gevolg van die onafhanklike optrede van die onderdrukte volkere nie, maar as gevolg van die oorwinning van die proletariaat in die hoofstedelike sentrums van kapitalisme. Derhalwe word die vraagstukke van rewolusionêre strydbeleid in koloniale en half-koloniale lande in die geheel nie deur die *Manifes* aangeroer nie. Tog vereis hierdie vraagstukke 'n onafhanklike oplossing. Dit is byvoorbeeld heeltemal vanselfsprekend duidelik dat terwyl die „ nasionale vaderland " die verderflikste historiese rem in gevorderde kapitalistiese lande geword het, dit nog 'n betreklik progressiewe faktor bly in agterlike lande, wat gedwing word om te worstel om 'n onafhanklike bestaan.

„ Die Kommuniste ", so verklaar die *Manifes*, „ondersteun oral alle rewolusionêre bewegings wat gekant is teen die bestaande maatskaplike en politieke orde ". Die beweging van die gekleurde rasse teen hul imperialistiese onderdrukkers is een van die magtigste en belangrikste bewegings teen die bestaande orde, en maak derhalwe aanspraak op die volle, onvoorwaardelike en onbeperkte ondersteuning van die proletariaat van die blanke ras. Die eer vir die ontwikkeling van die rewolusionêre strydbeleid ten opsigte van die onderdrukte volkere kom in die eerste plek toe aan Lenin.

8. Die mees verouderde gedeelte van die *Manifes* — nie wat metode betref nie maar waar dit die inhoud geld — is die kritiek op die „ sosialistiese letterkunde " van die eerste gedeelte van die 19de eeu (Hoofstuk III) en die ontleding van die posisie van die Kommuniste met betrekking tot die verskillende opposisie-partye (Hoofstuk IV). Die bewegings en partye wat in die *Manifes* aangeteken word, is so drasties van die baan geskuiwe,

óf deur die rewolusie van 1848, óf deur die daaropvolgende teenrewolusie, dat 'n mens selfs hul name in 'n historiese woordeboek moet naslaan. Ook in hierdie afdeling staan die *Manifes* moontlik nou nader aan ons as wat dit die geval met die vorige geslag was. In die tydvak van die bloei van die Tweede Internasionale, toe Marxisme skynbaar onverdeelde heerskappy gevoer het, kon jy aanneem dat die idees van die voor-Marxistiese sosialisme beslis in die verlede verdwyn het. Vandag staan sake anders. Die ontbinding van die sosiale demokrasie en die Komintern bring met elke stap geweldige ideologiese terugwykinge te voorskyn. Seniele denke het blykbaar infantiel geword. Op soek na allesreddende formules ontdek die profete van die tydvak van verval opnuut leerstellings wat lank reeds deur die wetenskaplike sosialisme begrawe is.

Wat betref die vraagstuk van opposisie-partye is dit op hierdie gebied dat die eise van die tyd die mees ingrypende verandering aangebring het, nie alleen in die sin dat die ou partye lank reeds deur nuwes weggestoot is nie, maar ook in die sin dat die wesenlike karakter van partye en hul onderlinge verhoudings in die omstandighede van die imperialistiese tydvak radikaal verander het. Derhalwe moet die *Manifes* aangevul word deur die mees belangrike dokumente van die eerste vier kongresse van die Kommuniste-Internasionale, die essensiële letterkunde van die Bolsjewisme en die besluite geneem op die Konferensie van die Vierdie Internasionale.

* * * * * *

Ons het reeds gemeld dat volgens Marx geen maatskaplike orde van die toneel verdwyn voor hy al die moontlikhede wat in hom skuil, uitgeput het nie. Selfs 'n verouderde maatskaplike orde laat hom egter nie sonder stryd deur 'n nuwe orde vervang nie. 'n Verandering in die maatskaplike regime veronderstel vooraf die geweldigste vorm van klassestryd, naamlik rewolusie. As die proletariaat om een of ander rede nie in staat is om die verouderde bourgeois-orde met een gewaagde slag omver te werp nie, dan kan die grootkapitaal in sy worsteling om sy onvaste beheer

te behou, niks anders doen nie as om die klein-bourgeoisie, wat deur hom vernietig en gedemoraliseer is, in 'n pogromleër van die fascisme te omskep nie. Die bourgeoisontaarding van die sosiaal-demokrasie en die fascistiese ontaarding van die klein-bourgeoisie is inmekaar geskakel as oorsaak en gevolg.

Op die oomblik doen die Derde Internasionale op 'n baie meer verregaande manier as die Tweede die werk om in alle lande die werkers te bedrieg en te demoraliseer. Deur die voorhoede van die Spaanse proletariaat te vermoor, berei die onbeteuelde huurlinge van Moskou nie alleen die weg voor vir fascisme nie maar sit hulle 'n groot deel van sy bedrywighede aan die gang. Die uitgerekte krisis van die internasionale rewolusie, wat al hoe meer 'n krisis van die menslike kultuur word, is in sy wese die krisis in rewolusionêre leierskap.

As erfgenaam van die groot tradisie, waarmee die *Kommuniste-Manifes* die waardevolste skakel vorm, skep die Vierde Internasionale die nuwe raamwerk vir die oplossing van ou vraagstukke. Teorie is veralgemeende werklikheid. In 'n eerlike houding teenoor rewolusionêre teorie vind die hartstogtelike drang tot die herskepping van die maatskaplike orde uiting. Die feit dat in die suidhoek van die Donker Vasteland ons geestesgenote die eerstes is wat die *Manifes* in Afrikaans oorsit, is nog 'n aanskoulike bewys van die feit dat die Marxistiese ideë vandag alleen nog onder die vaandel van die Vierde Internasionale voortbestaan. Die toekoms behoort aan hom. Wanneer die eeufees van die *Kommuniste-Manifes* gevier word, dan sal die Vierde Internasionale die beslissende rewolusionêre mag op ons planeet geword het.

30 Oktober 1937.

Coyoacan, Meksiko.

'n Skrikgedaante loop in Europa rond — die spook van die Kommunisme. Al die magte van die ou Europa het hulle in 'n heilige verbond verenig om die spook te besweer: die Paus en die Tsaar, Metternich en Guizot, Franse radikale en Duitse polisiespioene.

Watter opposisieparty is nie deur sy regerende teenstanders vir Kommunisties uitgeskel nie, en watter opposisieparty het die skandelike verwyt van Kommunisme teen die nog verder gaande opposisie sowel as sy reaksionêre teenstanders nie teruggeslinger nie?

Uit hierdie feit is twee gevolgtrekkings te maak:—

1. Die Kommunisme word alreeds deur al die Europese magte self as 'n mag erken.

2. Dit is hoog tyd dat die Kommuniste hulle opvattings, hulle bedoelings, hulle rigting aan die hele wêreld blootlê en in die plek van die sprokie van die Kommunistiese spook 'n manifes stel van die party self.

Vir dié doel het Kommuniste van verskillende lande en nasionaliteite in Londen byeengekom en die volgende *Manifes* opgetrek wat in die Engelse, Franse, Duitse, Italiaanse, Vlaamse en Deense tale uitgegee sal word.

## BOURGEOISIE EN PROLETARIAAT.(1)

Die geskiedenis van alle maatskaplike lewe wat tot dusver bestaan het,(2) is 'n geskiedenis van klassestryd.

Vryburger en slaaf, patrisiër en plebejer, baron en lyfeiene, gildemeester(3) en vakman, met een woord, onder-

(1) Deur die bourgeoisie word bedoel die klas van moderne kapitaliste, eienaars van die middele tot maatskaplike produksie en werkgewers aan loonarbeiders. Deur proletariaat word bedoel die klas van moderne loonarbeiders wat, deurdat hulle geen middele tot produksie van hul eie besit nie, genoodsaak word om hul arbeidskrag te verkoop om 'n bestaan te maak.

(2) Dit beteken alle *geskrewe* geskiedenis. In 1847 was die voor-geskiedenis van die maatskappy, die maatskaplike organisasie wat bestaan het voor die tyd van die geskrewe geskiedenis, feitlik geheel en al onbekend. Sedert die tyd het Haxthausen (August von 1792-1866) die bestaan van gemeenskaplike grondbesit in Rusland ontdek, Maurer (George Ludwig von) het bewys dat dit die maatskaplike fondament was waarop alle Teutoniese rasse in die geskiedenis hul aanvang gehad het, en met verloop van tyd is dit vasgestel dat dorpsgemeenskappe die primitiewe vorm van maatskaplike lewe van Indië tot Ierland was of eertyds gewees het. Die inwendige organisasie van hierdie primitiewe kommunistiese gemeenskap is blootgelê, in sy tipiese vorm, deur Morgan (Henry 1819-1881) se bevestigende ontdekking van die ware aard van die *gens* en sy verhouding tot die *stam*. Met die ontbinding van hierdie oertydse gemeenskappe begin die maatskappy opbreek in onderskeie en aparte en uiteindelik vyandige klasse. Ek het probeer om hierdie proses van ontbinding na te gaan en vas te stel in *Der Ursprung der Familie, des Privateigenthums und des Staats*, 2de uitgawe, Stuttgart, 1886 (*Die Oorsprong van die Familie, Private Eiendom en die Staat*).

(3) Gilde-meester, dit beteken 'n volledige lid van 'n gilde, 'n meester binne en nie 'n hoof oor 'n gilde nie.

drukkers en onderdruktes was gedurig teen mekaar gekant, het 'n onafgebroke soms verborge, dan weer openlike stryd gevoer, 'n stryd wat altyd uitgeloop het óf op 'n rewolusionêre rekonstruksie van die hele maatskappy, óf op die gesamentlike ondergang van die strydende klasse.

In die vroeëre tydperke van die geskiedenis vind ons byna oral 'n ingewikkelde indeling van die maatskappy in verskillende stande, 'n menigvuldige maatskaplike rangskikking. In ou Rome kry ons patrisiërs, ridders, plebejers en slawe; in die Middeleeue leenhere, leenmanne, gildemeesters, vakmanne, lyfeienes, en in byna elkeen van die klasse weer ondergeskikte klasse.

Die moderne bourgeois-maatskappy, wat uit die ondergang van die feudale maatskappy gespruit het, het die klasseteenstrydighede nie verwyder nie. Dit het slegs nuwe klasse, nuwe vorme van onderdrukking, nuwe vorme van die stryd in die plek van die oues gestel.

Ons tydvak, egter, die tydvak van die bourgeoisie, word van ander tydvakke hierdeur onderskei: dit het die klasseteenstrydighede vereenvoudig. Die hele maatskappy is meer en meer aan skeur in twee groot vyandige kampe, in twee groot klasse wat regstreeks teenoor mekaar staan — bourgeoisie en proletariaat.

Uit die slawe van die Middeleeue het die vryburgers van die oudste stede ontstaan; uit die vryburgers het die eerste elemente van die bourgeoisie ontwikkel.

Die ontdekking van Amerika, die omseiling van Afrika het vir die opkomende bourgeoisie 'n nuwe gebied oopgestel. Die Oos-Indiese en Chinese mark, die kolonisasie van Amerika, die handel met die kolonies, die vermeedering van ruilmiddels en van koopware in die algemeen het die handel, die skeepvaart en die industrie laat uitbrei soos nooit tevore nie en daardeur die rewolusionêre element in die vervallende feudale maatskappy tot 'n snelle ontwikkeling gebring.

Die feudale industriële stelsel, waarin industriële produksie deur gildes gemonopoliseer is, kon nie meer in die behoeftes van die toenemende markte voorsien nie. Die handfabriekstelsel het in die plek daarvan outstaan. Die gildemeesters is deur die industriële middelstand verdring; die verdeling van die arbeid onder die verskillende gildes of korporasies is vervang deur die arbeidsverdeling in die afsonderlike werkplekke self.

Intussen het die markte steeds toegeneem, die aanvraag steeds gestyg. Selfs die handfabriekstelsel was nie meer voldoende nie. Daarop het stoom en masjinerie in die industriële produksie 'n omwenteling teweeggebring. In plaas van die handfabriekstelsel het die reus, die moderne industrie, gekom, in plaas van die industriële middelstand, die industriële leërs, die moderne bourgeoisie.

Die moderne industrie het die wêreldmark in die lewe geroep, waarvoor die ontdekking van Amerika die weg voorberei het. Die wêreldmark het die reusagtige uitbreiding van die handel, die skeepvaart, die verkeer op land teweeggebring. Dit het weer die uitbreiding van die industrie bevorder, en met die uitbreiding van nywerheid, handel, skeepvaart, spoorweë het die bourgeoisie in gelyke mate ontwikkel, sy kapitaal vermeerder en al die klasse wat uit die Middeleeue afkomstig was op die agtergrond verdring.

Ons sien dus hoe die moderne bourgeoisie self die voortbrengsel is van 'n landurige ontwikkeling, van 'n reeks omwentelinge in produksie- en verkeerswyse.

Elke stap in die wordingsproses van die bourgeoisie het gepaard gegaan met 'n ooreenkomstige politieke vooruitgang van dié klas. Waar dit eers 'n verdrukte stand onder die heerskappy van die leenhere was, het dit geword 'n gewapende en selfstandige vereniging in die middeleeuse kommune;(4) hier 'n onafhanklike stedelike republiek, daar 'n belasbare „ derde stand " van die koningsregering; naderhand, in die tydperk van die handfabriek, 'n teenwig vir die adel in die òf beperkte òf onbeperkte monargie, en inderwaarheid die vernaamste van al die groot monargieë — so het die bourgeoisie uiteindelik, sedert die stigting van die moderne industrie en die wêreldmark, in die moderne verteenwoordigende staat die uitsluitende politieke heerskappy verower. Die uitvoerende liggaam van die moderne staat is niks meer nie as 'n komitee vir die behartiging van die gemeenskaplike sake van die hele bourgeoisie.

Die bourgeoisie het in die geskiedenis 'n hoogs rewolusionêre rol vervul.

(4) „ Kommune " is die naam wat in Frankryk deur die opkomende dorpe aangeneem is nog voordat hulle plaaslike selfregering en politieke regte as „ die Derde Staat " van hul feudale oorheersers en meesters oorgeneem het. Oor die algemeen genome word Engeland hier as die tipiese land geneem waar dit die ekonomiese ontwikkeling van die bourgeoisie geld, en Frankryk waar dit sy politieke ontwikkeling geld.

Die bourgeoisie, waar hulle die mag verower het, het 'n end gemaak aan feudale, aartsvaderlike, idilliese verhoudinge. Hulle het die veelkleurige feudale bande wat die mens aan sy natuurlike base geknoop het, onbarmhartig verskeur en geen ander band tussen mens en mens laat oorbly nie as suiwere eiebelang en ongevoelige „ kontante betaling ". Hulle het die heilige ontroering van die vrome dweepsug, van die ridderlike besieling, van Filistynse sentimentaliteit in die yskoue water van selfsugtige berekening verdrink. Hulle het persoonlike waarde verlaag tot die peil van ruilwaarde en in die plek van die tallose gewaarborgde swaargewonne vryhede een gewetenlose vryheid gestel — die Vrye Handel. Hulle het, in een woord, in die plek van 'n uitbuiting wat met godsdienstige en politieke illusies omhul was 'n openlike, onbeskaamde, direkte, wrede uitbuiting gestel.

Die bourgeoisie het alle bedrywighede wat vroeër geëerd en met eerbiedige skroom beskou was van hulle heilige skyn beroof. Hulle het die geneesheer, die regsgeleerde, die priester, die digter, die wetenskaplike hulle loonarbeiders gemaak.

Die bourgeoisie het van die familie-verhouding sy roerend-sentimentele sluier afgeskeur en daar 'n bloot geldelike verhouding van gemaak.

Die bourgeoisie het blootgelê hoedat die brutale kragsbetoon, wat die reaksie so seer in die Middeleeue bewonder het, sy passende aanvulling in die ergste luiheid gevind het. Hulle was die eerste om te wys wat die bedrywigheid van die mens tot stand kan bring. Hulle het heeltemal ander wonderwerke volbring as Egiptiese piramiede, Romeinse waterleidinge en Gotiese katedrale; hulle het togte onderneem wat alle vorige volksverhuisings en kruistogte oortref het.

Die bourgeoisie kan nie bestaan sonder om gedurig omwentelings teweeg te bring in die produksiemiddele en dus ook in die produksieverhoudinge en daarmee ook in alle maatskaplike verhoudinge nie. Onveranderde instandhouding van die ou produksiewyse was daarenteen die eerste lewensvoorwaarde van alle vroeëre industriële klasse. Voortdurende omwenteling van die produksie, onafgebroke verstoring van alle maatskaplike toestande, ewige onsekerheid en agitasie onderskei die tydvak van die bourgeoisie van alle vorige tydvakke. Alle vaste, ingeroeste verhoudings, met hulle nasleep van idees en

opinies wat weens hul ouderdom eerbiedwaardig geag is, smelt weg; die pasgevormdes verouder voor hulle kan verstyf. Alles wat bestendig is en vasstaan, verdwyn; alles wat heilig is, word geskend, en die mens word eindelik gedwing om sy bestaan en sy verhouding teenoor sy medemense met nugter oë te bekyk.

Die behoefte aan 'n steeds meer uitgebreide afsetgebied vir hulle produkte ja die bourgeoisie oor die hele aardbol heen. Oral moet hulle nes maak, hulle oral vestig, oral verbindinge aanknoop.

Die bourgeoisie het deur hulle ontginning van die wêreldmark aan die produksie en die verbruik van alle lande 'n kosmopolitiese stempel gegee. Hulle het, tot groot ergenis van reaksionêre mense, die nasionale grondslag van die industrie van onder sy voete weggeruk. Die aloue nasionale nywerhede is vernietig en word nog daagliks vernietig. Hulle word verdring deur nuwe nywerhede, die invoering waarvan vir alle beskaafde volke 'n lewenskwessie word, deur nywerhede wat nie meer inheemse grondstowwe bewerk nie maar grondstowwe uit die mees afgeleë streke geput; nywerhede die produkte waarvan nie alleen in die land self nie maar in alle dele van die wêreld tegelyk verbruik word. In die plek van die ou behoeftes wat deur die opbrengs van die land bevredig is, kom nuwes wat vir hulle bevrediging die produkte van die mees verwyderde lande en klimaatstreke vereis. In die plek van die ou plaaslike en nasionale selfgenoegsaamheid en afgeslotenheid kom 'n alsydige verkeer, 'n alsydige afhanklikheid van die volke onderling. En soos met die stoflike, so ook met die geestelike produksie. Die geestelike voortbrengsels van die aparte volke word gemeengoed. Nasionale eensydigheid en bekrompenheid word meer en meer onmoontlik en uit die verskillende nasionale en plaaslike literature ontstaan 'n wêreldliteratuur.

Die bourgeoisie trek, deur die snelle verbetering van alle produksiemiddele, deur die oneindig vergemaklikte verkeersweë alle volke, selfs die agterlikste, in die beskawing in. Die goedkoop pryse van hulle ware is die grof-geskut waarmee hulle alle Chinese mure plat skiet, waarmee hulle die hardnekkigste vreemdelingehaat van barbare tot oorgawe dwing. Hulle dwing alle nasies om die produksiewyse van die bourgeoisie oor te neem as hulle nie te gronde wil gaan nie; hulle dwing hulle om die

sogenoemde beskawing by hulle in te voer, d.w.s., om bourgeois te word. In een woord, hulle skep vir hulle 'n wêreld na hulle eie beeld.

Die bourgeoisie het die platteland aan die heerskappy van die stad onderwerp. Hulle het enorme stede geskep, hulle het die getal van die stedelike teenoor die plattelandse bevolking in hoë graad vermeerder en dus 'n aansienlike deel van die bevolking aan die agterlikheid van die plattelandse lewe onttrek. Net soos die platteland van die stad, het hulle die barbaarse en half-barbaarse lande van die beskaafde, die boerestand-volke van die bourgeois-volke, die Ooste van die Weste afhanklik gemaak.

Die bourgeoisie hou al hoe meer en meer die verbrokkeling van die produksiemiddele, van die eiendom en van die bevolking teë. Hulle het die bevolking opgehoop, die produksiemiddele gesentraliseer en die eiendom in 'n paar hande gekonsentreer. Die noodwendige gevolg hiervan was politieke sentralisasie. Onafhanklike, of slegs los verbonde provinsies met verskillende belange, wette, regerings en doeanestelsels is saamgevoeg tot een volk met een regering, een wet, een nasionale klassebelang, een toltarief.

Die bourgeoisie het in hulle skaars honderjarige klasseheerskappy meer massiewe en kolossale produksiekragte geskep as al die voorafgaande geslagte tesame. Onderwerping van die natuurkragte aan die mens, masjinerie, toepassing van die skeikunde op nywerheid en landbou, stoomvart, spoorweë, elektriese telegrawe, ganse wêrelddele ontginbaar en riviere bevaarbaar gemaak, hele bevolkinge as uit die grond uit getoor—watter vroeër eeu het dit selfs vermoed dat sulke produksiemagte in die skoot van die maatskaplike arbeid gesluimer het?

Ons sien dus dat die produksie- en handelsmiddele, wat as grondslag vir die vorming van die bourgeoisie gedien het, in die feudale maatskappy voortgebring is. Op 'n sekere stadium van die ontwikkeling van die produksie- en handelsmiddele het die omstandighede waaronder die feudale maatskappy geproduseer en gehandel het, die feudale eiendomsverhoudinge, nie meer tred gehou met die reeds ontwikkelde produksiemagte nie. Hulle het die produksie belemmer in plaas van dit te bevorder. Hulle het boeie geword. Hulle moes verbreek word en hulle is verbreek.

In hulle plek het vrye wedywering gekom vergesel van die maatskaplike en politieke instellings wat daarby

behoort—die ekonomiese en politieke heerskappy van die middelklas.

Onder ons oë vind 'n dergelike beweging plaas. Die bourgeois-produksie- en -handelsmiddele, die bourgeois-eiendomsverhoudinge, die moderne bourgeois-maatskappy wat sulke geweldige produksie- en handelsmiddele opgetoor het, is soos 'n goëlaar wat die magte van die onderwêreld wat hy opgeroep het nie meer kan beheer nie. Jare lank reeds is die geskiedenis van nywerheid en handel eenvoudig die geskiedenis van die opstand van die moderne produktiewe kragte teen die moderne produksieverhoudinge, teen die eiendomsverhoudinge wat die lewensvoorwaardes is van die bourgeoisie en van hulle heerskappy. Dit is genoeg om die handelskrisisse te noem wat met hulle periodieke terugkeer al hoe meer dringend die bestaan van die hele bourgeois-maatskappy bedreig. In dié handelskrisisse word 'n groot deel nie alleen van die bestaande produkte nie maar ook van die reeds geskape produktiewe kragte gereeld vernietig. In die krisisse breek daar 'n maatskaplike epidemie uit wat in alle vroeëre tye fantasties sou geskyn het—die epidemie van oorproduksie. Die maatskappy vind hom skielik teruggeplaas in 'n toestand van tydelike barbarisme; dit skyn asof 'n hongersnood, 'n algemene oorlog van verwoesting hom van alle lewensmiddele afgesny het; die industrie, die handel skyn vernietig te wees. En waarom? Omdat hy te veel beskawing, te veel lewensmiddele, te veel industrie, te veel handel besit. Die produktiewe kragte waaroor hy beskik, dien nie meer om die bourgeois-eiendomsverhoudinge te bevorder nie; inteendeel, hulle is te geweldig geword vir daardie verhoudinge waardeur hulle nou belemmer word; en sodra hulle die belemmering oorwin, bring hulle die ganse bourgeois-maatskappy in wanorde, bedreig hulle die bestaan van bourgeois-eiendom. Bourgeois maatskaplike toestande het te beperk geword om die rykdom wat hulle geskep het te bevat. En hoe oorwin die bourgeoisie die krisisse? Aan die een kant deur die gedwonge vernietiging van 'n massa produktiewe kragte; aan die ander kant deur die verowering van nuwe markte of 'n grondiger uitbuiting van die ou markte. Hoe dus? Deur nog meer uitgebreide en erger krisisse voor te berei en die middele te verminder wat krisisse voorkom.

Die wapens waarmee die bourgeoisie die feudalisme neergeslaan het, is nou teen die bourgeoisie self gerig.

Maar die bourgeoisie het nie alleen die wapens gesmee wat hom die dood bring nie; hy het ook die manne in die lewe geroep wat daardie wapens sal hanteer: die moderne arbeider, die proletariër.

Namate die bourgeoisie, d.w.s., die kapitaal ontwikkel, in dieselfde mate ontwikkel die proletariaat, die klas van die moderne arbeider, wat alleen so lank leef as hulle werk vind, en wat alleen so lank werk vind as hulle arbeid die kapitaal vermeerder. Die arbeider wat homself by die stuk moet verkoop, is koopware, soos enige ander handelsartikel en daarom in gelyke mate blootgestel aan al die wisselvallighede van kompetisie en die skommelinge van die mark.

Die arbeid van die proletariër het deur die uitbreiding van masjinerie en die verdeling van die arbeid alle selfstandige karakter verloor en daarmee ook alle bekoring vir die arbeider. Hy word 'n blote aanhangsel van die masjien, van wie alleen die eenvoudigste, die eentonigste, die maklikste aangeleerde slag verlang word. Die produksiekoste van die arbeider is dus feitlik beperk tot die lewensmiddele wat hy vir sy onderhoud en die voortplanting van sy soort nodig het. Maar die prys van 'n handelsartikel en dus ook van die arbeid is gelyk aan sy produksiekoste. Namate die arbeid in onaangenaamheid styg, daal dus die loon. En wat nog meer is, namate masjinerie en arbeidsverdeling toeneem, neem ook die arbeidslas toe, hetsy deur die vermeerdering van die werksure, hetsy deur die vermeerdering van die arbeid wat binne 'n gegewe tyd gevorder word, versnelde spoed van die masjiene, ens.

Die moderne industrie het die klein werkwinkel van die patriargale meester verander in die groot fabriek van die industriële kapitalis. Massas arbeiders, in die fabriek saamgepak, word soos soldate georganiseer. As gewone industrie-soldate word hulle onder die toesig van 'n volmaakte hiërargie van onderoffisiere en offisiere geplaas. Hulle is nie alleen knegte van die bourgeois-klas, van die bourgeois-staat nie; hulle word dag vir dag en uur vir uur tot slaaf gemaak van die masjien, van die opsigter, en bowenal van die indiwiduele bourgeois-fabrikant self. Hoe meer openlik hierdie dwingelandy verkondig dat sy doel profyt is, hoe meer kleingeestig, haatlik en verbitterend is dit.

Hoe minder behendigheid en kragsinspanning handwerk vereis, met ander woorde, hoe meer die moderne industrie

ontwikkel, des te meer word die arbeid van mans vervang deur die van vroue en kinders. Geslags- en ouderdomsverskille besit nie meer maatskaplike betekenis vir die arbeiderklas nie. Daar bestaan net arbeidsinstrumente wat na gelang van ouderdom en geslag minder of meer kos.

As die uitbuiting van die werksman deur die fabrikant dan so ver gekom het dat sy loon kontant aan hom uitbetaal is, dan pak die ander dele van die bourgeoisie hom aan—die huiseienaar, die winkelier, die pandjieshouer, ens.

Die vorige kleinmiddelklas, die kleinfabrikante, kleinhandelaars, mense wat op 'n klein rente leef, die handwerkers en boere, daal almal gestadig in die proletariaat af, gedeeltelik omdat hulle klein kapitaal vir die bedryf van die groot industrie nie voldoende is nie en in die konkurrensie met die groot kapitaliste verswelg word, gedeeltelik omdat hulle bekwaamheid weens nuwe produksiewyse waardeloos gemaak word. So word die proletariaat uit alle klasse van die bevolking aangevul.

Die proletariaat maak verskeie stadiums van ontwikkeling deur. Sy stryd teen die bourgeoisie begin met sy ontstaan. Eers voer indiwiduele arbeiders die stryd, dan die arbeiders van 'n fabriek, dan die arbeiders van een ambag in 'n bepaalde plek teen die indiwiduele bourgeois wat hulle regstreeks uitbuit. Hulle rig hulle aanvalle nie alleen teen die bourgeois-produksietoestande nie, maar teen die produksie-instrumente self; hulle verniel ingevoerde konkurrerende ware, hulle slaan masjiene stukkend, hulle steek fabrieke aan die brand, hulle probeer om die verdwene status van die Middeleeuse werksman te herwin.

Op hierdie stadium vorm die arbeiders nog 'n onsamehorende massa wat oor die hele land verstrooi en deur hul onderlinge mededinging onderverdeel is. Kom hulle êrens in groot groepe saam, dan is dit nog nie die gevolg van hulle eie aktiewe gesamentlike optrede nie, maar die gevolg van die vereniging van die bourgeoisie, wat om sy eie politieke doeleindes te bereik die hele proletariaat in beweging moet bring, en dit voorlopig nog kan doen. Op hierdie stadium bestry die proletariërs dus nie hulle vyande nie, maar die vyande van hulle vyande, die oorblyfsels van onbeperkte monargie, die grondeienaars, die nie-industriële bourgeoisie, die kleinmiddelstand. Die hele historiese beweging word dus in die hande van die bourgeoisie gekonsentreer; elke oorwinning wat so behaal word, is 'n oorwinning van die bourgeoisie.

Maar met die ontwikkeling van die nywerheid groei die proletariaat nie alleen in getal nie; dit word ook in groter massas saamgedring, sy krag groei en hy voel dit meer. Die belange, die lewenstoestande van die proletariaat word meer en meer eensoortig namate die masjinerie meer en meer verskille tussen een soort arbeid en 'n ander uitwis en lone byna oral tot dieselfde lae peil laat daal. Die toenemende wedywer van die bourgeoisie onder mekaar en die handelskrisisse wat daaruit ontstaan, maak die loon van die arbeider meer en meer onvas. Die onafgebroke verbetering van masjinerie—'n verbetering wat steeds sneller ontwikkel—maak hulle hele bestaan al hoe meer onseker; botsings tussen die indiwiduele arbeider en die indiwiduele bourgeois neem meer en meer die karakter aan van botsings tussen twee klasse. Dan begin die arbeiders verenigings teen die bourgeoisie te vorm; hulle kom saam om hulle arbeidsloon te handhaaf. Hulle stig selfs permanente organisasies om vir die geleentheidsopstande vooraf voorsiening te maak. Hier en daar breek die stryd in oproer uit.

Nou en dan behaal die arbeiders die oorwinning, maar slegs tydelik. Die eintlike vrug van hulle stryd lê nie opgesluit in die onmiddellike gevolg nie maar in die steeds uitbreidende vereniging van die arbeiders. Hierdie vereniging word bevorder deur die verbeterde verkeersmiddele wat deur die grootindustrie geskep word en wat die arbeiders van verskillende oorde in aanraking met mekaar bring. Dit makeer alleen verbinding om die verskillende plaaslike worstelinge, wat almal van dieselfde aard is, tot 'n nasionale, 'n klassestryd te sentraliseer. Maar elke klassestryd is 'n politieke stryd. En die vereniging, waarvoor die Middeleeuse burgers met hulle miserabele paaie eeue nodig gehad het, bring die moderne proletariërs, dank sy spoorweë, binne 'n paar jaar tot stand.

Die organisasie van die arbeiders tot 'n klas en derhalwe tot 'n politieke party word keer op keer weer verbreek deur onderlinge mededinging onder die arbeiders self. Maar dit verrys altyd weer, sterker, vaster, magtiger. Dit dwing die wetlike erkenning van sekere arbeidersbelange af deur gebruik te maak van verdeeldhede onder die bourgeoisie. Op dié manier is die Tien-uur-wet in Engeland verkry.

Botsings tussen die klasse van die ou maatskappy bevorder oor die algemeen die ontwikkelingsgang van die proletariaat in baie opsigte. Die bourgeoisie is in 'n voort-

durende stryd gewikkel—eers teen die aristokrasie; later teen daardie dele van die bourgeoisie self wie se belange in stryd is met die vooruitgang van industrie; altoos teen die bourgeoisie van alle vreemde lande. In al die worstelinge is hulle verplig om 'n beroep op die proletariaat te doen, om aanspraak te maak op sy hulp en hom so in die politieke geskil in te sleep. Hulle voorsien dus self die proletariaat van hulle eie politieke en algemene opvoedingselemente, d.w.s., van wapens teen hulleself.

Verder, soos ons reeds gesien het, word daar deur die vooruitgang van die industrie hele onderdele van die heersende klas in die proletariaat afgedring, of ten minste hulle lewenstoestande word bedreig. Ook hulle voorsien die proletariaat ryklik van opvoedingselemente.

Eindelik, in tye wanneer die klassestryd die beslissingspunt nader, neem die ontbindingsproses binne die heersende klas, binne die hele ou maatskappy, so 'n in die oog lopende karakter aan dat 'n klein deel van die heersende klas hom daarvan losmaak en by die rewolusionêre klas aansluit, die klas wat die toekoms in sy hande dra. Soos vroeër dus 'n deel van die adel na die bourgeoisie oorgegaan het, so gaan nou 'n deel van die bourgeoisie na die proletariaat oor, veral 'n deel van die bourgeois-ideoloë wat hulle tot 'n teoretiese begrip van die hele historiese beweging bekwaam het.

Van alle klasse wat vandag teenoor die bourgeoisie staan, is alleen die proletariaat 'n ware rewolusionêre klas. Die ander klasse kwyn en vergaan met die grootindustrie; die proletariaat daarenteen is sy besondere voortbrengsel.

Die laer middelklas—die kleinfabrikant, die kleinhandelaar, die handwerker, die boer—hulle beveg almal die bourgeoisie om hulle eie bestaan as middelklas van ondergang te bewaar. Hulle is dus nie rewolusionêr nie, maar konserwatief. Nog meer, hulle is reaksionêr: hulle probeer om die wiel van die geskiedenis terug te draai. Is hulle rewolusionêr, dan is hulle dit met die oog op hulle aanstaande oorgang tot die proletariaat; hulle verdedig nie hulle teenswoordige nie maar hulle toekomstige belange; hulle verlaat hulle eie standpunt om die van die proletariaat te aanvaar.

Die skuim van die proletariaat (lumpen-proletariaat), gevorm deur die passiewe verrotting van die laagste strata van die ou maatskappy, word tot 'n sekere mate deur 'n proletariese rewolusie in die beweging ingesleep; maar hulle hele lewenswyse maak dat hulle gewilliger sal wees om hulle tot reaksionêre knoeiery te laat omkoop.

Die lewenstoestande van die ou maatskappy is tot niet in die lewenstoestande van die proletariaat. Die proletariër is sonder besitting; sy verhouding teenoor vrou en kinders het niks meer gemeen met die bourgeois-familieverhouding nie; die moderne industriële arbeid, die moderne onderwerping aan die kapitaal, in Engeland sowel as in Frankryk, in Amerika en ook in Duitsland, het hom van alle nasionale karakter beroof. Die gereg, sedelikheidsopvattings, godsdiens is vir hom 'n spul bourgeois-vooroordele waaragter net so'n spul bourgeois-belange versteek is.

Alle eertydse klasse wat mag verower het, het probeer om hulle reeds verkreë lewenstandaard te verseker deur die hele maatskappy aan die toestand te onderwerp waardeur hulle winste verkry is. Die proletariërs kan alleen die maatskaplike produksiekragte in besit neem indien hulle hulle eie vorige wyse van toeëiening afskaf en daarmee ook alle vorige metodes van toeëiening. Die proletariërs het niks van hulle eie om te bewaar en in stand te hou nie. Dit is hulle rol om alle vorige sekuriteite vir en versekerings van private eiendom te vernietig.

Alle vorige bewegings was bewegings van minderhede of in die belang van minderhede. Die proletariese beweging is die selfstandige beweging van die oorgrote meerheid in die belang van die oorgrote meerderheid. Die proletariaat, die onderste stratum van die huidige maatskappy, kan homself nie ophef nie, kan nie orent kom nie behalwe as die hele bowebou van strata deur die offisiële maatskappy gevorm in die lug spring.

Ofskoon nie in wese nie dog in vorm is die stryd van die proletariërs teen die bourgeoisie vireers 'n nasionale stryd. Die proletariaat van elke land moet natuurlik eers met sy eie bourgeosie afreken.

Terwyl ons die ontwikkeling van die proletariaat in breë trekke geskets het, het ons die min of meer bedekte burgeroorlog binne die bestaande maatskappy nagegaan tot op die punt waar dit in 'n ope rewolusie uitbars en die proletariaat sy heerskappy bevestig deur die geweldadige omverwerping van die bourgeoisie.

Alle vorige maatskappye het berus, soos ons reeds gesien het, op die stryd tussen onderdrukkende en onderdrukte klasse. Maar om 'n klas te kan onderdruk moet die toestande verseker word waaronder hy ten minste sy slaafse bestaan kan voortsit. Die lyfeiene het hom in die tyd van

lyfeienskap tot lid van die stedelike gemeenskap opgewerk soos die kleinburger tot bourgeois onder die juk van feudale alleenheerskappy. Die moderne arbeider, daarenteen, in plaas van met die vooruitgang van die industrie saam vooruit te kom, sink steeds dieper onder die lewenstoestande van sy eie klas weg. Die arbeider word verarm, en verarming groei vinniger aan as bevolking en rykdom. Hieruit blyk duidelik dat die bourgeoisie onbekwaam is om nog langer die heersende klas in die maatskappy te bly en om die lewenstoestande van sy klas aan die maatskappy as geldende reël op te dring. Hy is onbekwaam om te regeer omdat hy nie in staat is om sy slawe selfs in hulle slawerny 'n bestaan te verseker nie, omdat hy genoodsaak is om hulle te laat afsak tot 'n peil waar hy hulle moet onderhou in plaas van deur hulle onderhou te word. Die maatskappy kan nie meer onder hom bestaan nie, d.w.s., sy bestaan is nie meer met die van die maatskappy te vereenselwig nie.

Die essensiële voorwaarde vir die bestaan en die heerskappy van die bourgeoisie is die ophoping van rykdom in die hande van private persone, die stigting en die vermeerdering van kapitaal; die bestaans-voorwaarde van die kapitaal is die loonarbeid. Die loonarbeid berus uitsluitlik op die onderlinge mededinging onder die arbeiders. Die vooruitgang van die industrie, waarvan die bourgeoisie die willose en weerlose draer is, vervang die verdeeldheid van die arbeiders, wat deur hul onderlinge mededinging veroorsaak is, deur hulle rewolusionêre sametrekking, wat deur vereniging verwerf word. Met die ontwikkeling van die grootindustrie word dus onder die voete van die bourgeosie die grondslag self weggeruk waarop hulle produseer en beslag lê op die produkte. Die bourgeoisie produseer derhalwe bowenal hulle eie doodgrawers. Hulle ondergang en die oorwinning van die proletariaat is ewe onvermydelik.

## II.

## PROLETARIëRS EN KOMMUNISTE.

In watter verhouding staan die Kommuniste tot die proletariërs oor die algemeen?

Die Kommuniste maak nie 'n aparte party uit wat teen die ander arbeiderpartye gekant is nie.

Hulle het geen belange wat verskillend is en geskeie is van die belange van die proletariaat nie.

Hulle stel geen bepaalde beginsels op waarvolgens hulle die proletariese beweging wil inrig nie.

Die Kommuniste onderskei hulle van die proletariese partye slegs hierdeur: dat hulle aan die een kant in die verskillende nasionale worstelings van die proletariaat die gemeenskaplike belange van die hele proletariaat, afgesien van nasionaliteit, op die voorgrond bring en laat geld, en aan die ander kant dat hulle in die verskillende ontwikkelingsstadia, wat die stryd tussen proletariaat en bourgeoisie deurmaak, steeds vir die belange van die gesamentlike beweging opkom.

Die Kommuniste is dus prakties die mees besliste, steeds verder strewende deel van die arbeiderpartye van alle lande; teoreties is hulle die groot massa van die proletariaat vóór in hulle insig in die omstandighede, die rigting en die algemene gevolge van die proletariese beweging.

Die onmiddellike doel van die Kommuniste is dieselfde as dié van alle ander proletariese partye: vorming van die proletariaat tot 'n klas, die val van die bourgeois-heerskappy, die verowering van die politieke mag deur die proletariaat.

Die teoretiese stellings van die Kommuniste berus geensins op idees en beginsels wat deur een of ander wêreldhervormer uitgevind of ontdek is nie.

Hulle is eenvoudig 'n algemene uitdrukking van die werklike omstandighede van 'n bestaande klassestryd—'n historiese beweging wat onder ons oë aan die gang is. Die afskaffing van vorige eiendomsverhoudinge is nie iets wat die Kommuniste uitsluitend kenmerk nie.

Alle eiendomsverhoudinge is in die verlede aan 'n bestendige historiese wisseling, 'n bestendige historiese verandering onderworpe.

Die Franse Rewolusie byvoorbeeld het die feudale eiendom ten gunste van die bourgeois afgeskaf.

Wat die Kommunisme onderskei, is nie die afskaffing van eiendom oor die algemeen nie, maar die afskaffing van bourgeois-eiendom.

Maar die moderne bourgeois-private eiendom is die laaste en volledigste uiting van 'n metode van produksie en toeeiening van produkte wat op klassestryd en die uitbuiting van een mens deur 'n ander berus.

In dié sin kan die Kommuniste hulle teorieë in een uitdrukking saamvat: afskaffing van die private eiendom.

Ons, Kommuniste, word verwyt dat ons eiendom wat persoonlik verkry is, deur die arbeid verwerf, wil afskaf— die eiendom wat die grondslag is van alle persoonlike vryheid, werksaamheid en selfstandigheid.

Eiendom wat swaar verkry is, deur werk bekom, selfverdiende eiendom. Spreek u van die eiendom van die kleinburger en die kleinboer, wat die bourgeois-eiendom vooruitgegaan het? Ons hoef dit nie af te skaf nie; die ontwikkeling van die industrie het dit afgeskaf en skaf dit nog daagliks af.

Of spreek u van die moderne private bourgeois-eiendom?

Maar verskaf sy loonarbeid, die arbeid van die proletariër dan miskien vir hóm eiendom? Glad nie. Dit verskaf kapitaal, d.w.s. die soort eiendom wat die loonarbeid uitbuit, wat alleen kan vermeerder onder die voorwaarde dat hy nuwe loonarbeid voortbring om dit opnuut uit te buit. Die eiendom in sy huidige vorm berus op die teenstrydigheid tussen kapitaal en loonarbeid. Laat ons albei kante van hierdie teenstrydigheid beskou.

Om 'n kapitalis te wees beteken nie net om 'n suiwer persoonlike nie maar om 'n maatskaplike posisie in die produksie te neem. Die kapitaal is 'n gemeenskaplike produk en kan alleen deur die samewerking van baie lede, ja, op die ou end deur die samewerking van al die lede van die maatskappy, in beweging gebring word.

Die kapitaal is dus nie 'n persoonlike nie, maar 'n maatskaplike mag.

Wanneer dus die kapitaal in gemeenskaplike eiendom omskep word wat aan al die lede van die maatskappy behoort, dan word persoonlike eiendom nie daardeur in maatskaplike eiendom omskep nie. Alleen die maatskaplike karakter van die eiendom verander. Hy verloor sy klaskarakter.

Ons kom nou by loonarbeid.

Die gemiddelde prys van loonarbeid is die minimum arbeidsloon, d.w.s. die totaal van lewensmiddele wat nodig is om die arbeider as arbeider aan die lewe te hou. Wat die arbeider dus deur sy werksaamheid vir hom toeëien, is alleen genoeg om sy blote bestaan voort te sit. Ons wil die persoonlike toeëiening van die arbeidsprodukte vir die instandhouding van die onmiddellike bestaan geensins afskaf nie—'n toeëiening wat geen surplus oorlaat wat mag oor die arbeid van andere kan gee nie. Ons wil alleen die ellendige aard van die toeëiening afskaf waardeur die

arbeider alleen lewe om die kapitaal te vermeerder, alleen in soverre leef as die belange van die regerende klas dit vereis.

In die bourgeois-maatskappy is die lewende arbeid slegs 'n middel om die voorraad opgehoopte arbeid te vermeerder. In die Kommunistiese maatskappy is opgehoopte arbeid slegs 'n middel om die bestaan van die arbeiders te verruim, te verryk en te bevorder.

In die bourgeois-maatskappy dus speel die verlede baas oor die toekoms; in die Kommunistiese maatskappy heers die toekoms oor die verlede. In die bourgeois-maatskappy is die kapitaal selfstandig en persoonlik terwyl die lewende indiwidu afhanklik en onpersoonlik is.

En die afskaffing van hierdie toestand van sake noem die bourgeoisie afskaffing van persoonlikheid en vryheid! En met reg. Sonder twyfel word die afskaffing beoog van bourgeois-persoonlikheid, bourgeois-selfstandigheid en bourgeois-vryheid.

Onder vryheid word verstaan onder die teenswoordige produksieverhoudinge die vrye handel, die vrye koop en verkoop.

Maar as die handel verdwyn, verdwyn vrye handel ook. Die praatjies oor die vrye handel, soos al die ander vryheidsgeklets van ons bourgeoisie, kan alleen enige betekenis hê in teenstelling met onvrye handel, met die slaafse burgers van die Middeleeue, maar nie in teenstelling met die Kommunistiese afskaffing van handel, van die bourgeois-produksietoestande en van die bourgeoisie self nie.

U is vreeslik ontsteld daaroor dat ons private eiendom wil afskaf. Maar in u bestaande maatskappy is private eiendom alreeds vir nege-tiendes van sy lede afgeskaf; dit bestaan juis daardeur dat dit vir nege-tiendes nie bestaan nie. U verwyt ons dus dat ons 'n eiendom wil afskaf vir die bestaan waarvan die afwesigheid van enige eiendom vir die oorgrote meerderheid van die maatskappy 'n noodwendige voorwaarde is.

In een woord, u verwyt ons dat ons u eiendom wil afskaf. Juis, dit is presies wat ons wil doen.

Van die oomblik af dat arbeid nie meer in kapitaal, geld, grondrente, in kort in 'n monopoliseerbare maatskaplike mag omskep kan word nie, d.w.s. van die oomblik dat persoonlike eiendom nie meer in bourgeois-eiendom omgeset kan word nie, van daardie oomblik af, verklaar u, verdwyn die indiwidualiteit.

U erken dus dat u onder „ die indiwidu ” niemand anders verstaan nie as die bourgeois, die middelklas-eienaar. Dié persoonlikheid sal seer seker afgeskaf word.

Die Kommunisme ontneem niemand die mag om homself maatskaplike produkte toe te eien nie; dit ontneem 'n mens alleen die mag om deur dié toeëiening die arbeid van ander aan jou te onderwerp.

Daar is teen ons aangevoer dat met die afskaffing van private eiendom alle werk sou ophou en 'n algemene luiheid intree. Volgens hierdie bewering behoort die bourgeois-maatskappy lankal aan die luiheid te gronde te gegaan het, want diegene wat daarin werk, win nie, en diegene wat daarin win, werk nie. Die hele begrip kom op hierdie tautologie neer: daar kan geen loonarbeid meer wees nie sodra daar geen kapitaal meer is nie.

Al die besware wat teen die Kommunistiese wyse van toeëiening en produksie van stoflike produkte aangevoer word, is ook teen die toeëiening en produksie van geestelike produkte gebruik. Net soos vir die bourgeois die einde van klasse-eiendom die einde van produksie self beteken, so staan die einde van klasse-kultuur vir hom gelyk met die einde van alle kultuur.

Die kultuur waarvan hy die verlies betreur, beteken vir die oorgrote meerderheid eenvoudig opleiding om die masjien te vervang.

Maar moenie met ons stry solank as u die afskaffing van bourgeois-eiendom aan u bourgeoisopvattings van vryheid, kultuur, reg, ens. meet nie. U idees self is voortbrengsels van bourgeois-produksie- en -eiendomstoestande net soos u reg alleen die wil van u klas is wat tot wet verhewe is—'n wil waarvan die inhoud bepaal is deur die materiële lewenstoestande van u klas.

Die selfstugtige voorstelling waarin u u produksie- en eiendomstoestande—historiese toestande wat in die loop van produksie kom en gaan—in ewige wette van die natuur en die rede verander sien, deel u met alle vorige heersende klasse. Wat u in die geval van die eiendom van vervangetye waarneem, wat u in die geval van feudale eiendom waarneem, dit durf u natuurlik nie meer in die geval van bourgeois-eiendom waarneem nie.

Afskaffing van die gesin. Selfs die radikaalste word warm oor dié skandelike plan van die Kommuniste.

Waarop berus die teenswoordige, die bourgeois-gesin? Op kapitaal, op private winste. In sy volledig-ontwikkelde

vorm bestaan die gesin alleen onder die bourgeoisie; maar hy vind sy aanvulling in die gedwonge gesinsloosheid van die proletariërs en die openbare prostitusie.

Die familie van die bourgeoisie sal natuurlik wegval wanneer sy aanvulling wegval, en albei sal verdwyn met die verdwyning van die kapitaal.

Verwyt u ons dat ons die uitbuiting van kinders deur hulle ouers wil afskaf? Ons beken die misdaad.

Maar, sal u sê, ons skaf die innigste verhoudinge af wanneer ons huislike opleiding deur maatskaplike opvoeding vervang.

En is u opvoeding dan nie ook deur die maatskappy bepaal nie, deur die maatskaplike toestande waarin u opvoed, deur die direkte of indirekte ingryping van die maatskappy, deur middel van die skole ens., nie? Die Kommuniste het die invloed van die maatskappy op die opvoeding nie ontdek nie; hulle wil alleen sy aard verander; hulle wil die opvoeding aan die invloed van die heersende klas ontruk.

Die bourgeois-vroompraatjies oor familie en opvoeding, oor die innige verhouding tussen ouers en kinders word des te meer walglik hoe meer, as gevolg van die grootindustrie, alle familiebande onder die proletariërs verskeur word en die kinders eenvoudig verander word in handelsartiekels en arbeidsinstrumente.

Maar julle, Kommuniste, wil gemeenskap van vroue invoer, skree die hele bourgeoisie in koor ons toe.

Die bourgeois sien in sy vrou 'n blote produksie-instrument. Hy hoor dat die produksie-instrumente gemeenskaplik uitgebuit sal word, en kan hom natuurlik niks anders voorstel as dat die lot van gemeenskaplike besit vroue ook sal tref nie.

Hy besef nie dat dit juis die doel is om die status van vroue as blote produksie-instrumente af te skaf nie.

Temeer, daar is niks belagliker as die skynheilige verontwaardiging van ons bourgeoisie oor die beweerde offisiële vrouegemeenskap van die Kommuniste nie. Die Kommuniste hoef vrouegemeenskap nie in te voer nie; dit het so te sê altyd bestaan.

Ons bourgeoisie, nie daarmee tevrede dat hulle die vroue en dogters van hulle proletariërs tot hul beskikking het nie—om nie eens van offisiële prostitusie te praat nie—skep daar die grootste behae in om mekaar se vroue wederkerig te verlei.

Die bourgeois-huwelik is in die werklikheid die gemeenskap van getroude vroue. Hoogstens sou 'n mens die Kommuniste kan verwyt dat hulle in die plaas van 'n huigelagtig verborge, 'n offisiële, openlike vrouegemeenskap wil invoer. Dit spreek origens vanself dat, met die afskaffing van die huidige produksietoestande, die vrouegemeenskap wat daaruit spruit ook sal verdwyn, d.w.s. die offisiële en nie-offisiële prostitusie.

Dit word verder die Kommuniste verwyt dat hulle die vaderland, die nasionaliteit, wil afskaf.

Die arbeiders het geen vaderland nie. 'n Mens kan nie van hulle afneem wat hulle nie het nie. Daar die proletariaat in die eerste plek die politieke heerskappy moet verower, hulleself tot nasionale klas moet verhef, self as nasie moet optree, is dit self nog nasionaal, ofskoon volstrek nie in die bourgeois sin van die woord nie.

Nasionale afsondering en teenstrydigheid onder volke onderling verdwyn reeds meer en meer met die ontwikkeling van die bourgeoisie, van handelsvryheid, die wêreldmark, gelykvormigheid van industriële produksie en die daarby behorende lewenstoestande.

Die heerskappy van die proletariaat sal hulle nog meer laat verdwyn. Gesamentlike optrede, van die vooraanstaande beskaafde volke, is een van die eerste voorwaardes vir die vrywording van die proletariaat.

Namate die eksploitasie van een indiwidu deur 'n ander afgeskaf word, word die eksploitasie van een nasie deur 'n ander ook afgeskaf.

Namate die teenstrydigheid van klasse binne die volke wegval, verdwyn die onderlinge vyandskap onder volke.

Die aanklagte teen Kommunisme wat uit die godsdienstige, filosofiese en ideologiese standpunt oor die algemeen gemaak word, verdien nie breedvoerige weerlegging nie.

Is diepe insig nodig om te begryp dat met die lewensomstandighede van die mens, met sy maatskaplike bestaan, ook sy idees, sy beskouinge en begrippe, in een woord ook sy bewussyn verander?

Wat bewys die geskiedenis van idees anders as dat geestelike produksie volgens materiële produksie gewysig word. Die heersende idees van 'n tydperk is altyd maar die idees van sy heersende klas gewees.

'n Mens spreek van idees wat in 'n hele samelewing 'n omwenteling veroorsaak; daarmee spreek 'n mens alleen die feit uit dat binne die ou samelewing die elemente van 'n

nuwe gevorm word, dat die ontbinding van die ou idees gelyke tred hou met die ontbinding van die ou lewensomstandighede.

Toe die wêreld van die oudheid aan die ondergaan was, is die ou godsdienste deur die Christelike geloof oorwin. Toe Christelike idees in die 18de eeu vir die rasionalisme gewyk het, het die feudale maatskaapy sy doodstryd met die destydse rewolusionêre bourgeoisie gestry. Die abstrakte idees van vryheid van gewete en geloof het slegs getuig van die heerskappy van vrye kompetisie op die gebied van kennis.

„ Sekerlik," sal dit nou gesê word, „ is godsdienstige, morele, filosofiese, politieke en regs-idees ens. in die loop van die historiese ontwikkeling gewysig geword. Maar die godsdiens, die moraliteit, die filosofie, die politiek, die reg het by al die wisselinge steeds bly staan.

Daar bestaan dus ewige waarhede, soos vryheid, regverdigheid, ens., wat aan alle maatskaplike toestande gemeen is. Maar die Kommunisme skaf dié ewige waarhede af, dit skaf die godsdiens en moraliteit af in plaas van hulle 'n nuwe gestale te gee; dit weerspreek dus alle voorafgaande historiese ontwikkelinge."

Waarop kom die aanklag neer? Die geskiedenis van die hele samelewing is tot dusver die ontwikkeling van klasseteenstrydighede gewees wat in verskillende tydvakke verskillende vorms getoon het.

Maar watter vorm hulle ook aangeneem het, is die uitbuiting van een deel van die maatskappy deur die ander 'n feit wat aan alle vergange eeue gemeen is. Geen wonder dus dat die maatskaplike bewussyn van alle eeue, ondanks alle menigvuldigheid en verskeidenheid, hom in bepaalde gemeenskaplike vorme beweeg, in bewussynsvorme wat alleen met die volkome verdwyning van klasseteenstrydighede heeltemal tot niet gaan.

Die Kommunistiese rewolusie is die radikaalste breuk met tradisionele eiendomstoestande; geen wonder dat in sy ontwikkelingsgang ook tradisionele idees op die radikaalste wyse afgebreek **word nie.**

Laat ons nou maar die bourgeois-besware teen die Kommunisme laat staan.

Ons het reeds gesien dat die eerste stap in die arbeidersrewolusie die opheffing van die proletariaat tot heersende klas, die verowering van die demokrasie, is.

Die proletariaat sal sy politieke heerskappy gebruik om

die bourgeoisie bietjie vir bietjie alle kapitaal te ontneem; om alle produksie-instrumente te sentraliseer in die hande van die staat, d.w.s. van die proletariaat as heersende klas georganiseer, en die hoeveelheid produksiekragte so gou as moontlik te vermeerder.

Dit kan natuurlik in die begin slegs gebeur deur despotiese inbreuke op eiendomsregte en op bourgeois-produksieverhoudinge; deur maatreëls dus wat ekonomies ontoereikend en onhoudbaar skyn, maar wat in die loop van die beweging hulleself verbystreef en as middel vir die omwenteling van die hele produksiewyse onvermydelik is.

Die maatreëls sal natuurlik in verskillende lande verskillend wees.

Vir die verste gevorderde lande sal die volgende egter vry algemeen kan toegepas word:—

1. Onteiening van grondbesit en gebruik van die grondrente vir staatsuitgawe.
2. Swaar progressiewe belasting.
3. Afskaffing van die erfreg.
4. Inbeslagneming van die eiendom van alle emigrante en rebelle.
5. Sentralisasie van die krediet in die hande van die staat deur 'n nasionale bank met staatskapitaal en uitsluitende monopolie.
6. Sentralisasie van verkeersmiddele in die hande van die staat.
7. Vermeerdering van staatsfabrieke, produksie-instrumente, bewerking en verbetering van grond volgens 'n gemeenskaplike plan.
8. Gelyke arbeidsplig vir almal, oprigting van industriële leërs, veral vir die landbou.
9. Vereniging van nywerheid en landbou. Bevordering van die geleidelike afskaffing van die onderskeid tussen stad en platteland.
10. Openbare en vrye onderwys vir alle kinders. Afskaffing van die fabrieksarbeid van kinders in sy bestaande vorm. Verbinding van die opvoeding met die materiële produksie, ens.

As in die loop van die ontwikkeling klasse-onderskeid verdwyn en alle produksie in die hande van 'n reusagtige vereniging van die hele volk gekonsentreer word, sal die openbare mag sy politieke karakter verloor. Die politieke mag, in sy eintlike betekenis, is die georganiseerde mag van een klas vir die onderdrukking van 'n ander. As die pro-

letariaat in die stryd teen die bourgeoisie hulle noodwendig tot 'n klas verenig, deur 'n rewolusie hulle tot heersende klas maak, en as heersende klas met geweld die ou produksie-verhoudinge afskaf, dan skaf hulle saam met die produksie-verhoudinge ook die bestaanvoorwaardes vir klasseteenstrydighede, vir klasse in die algemeen, af en daarmee hulle eie heerskappy as klas.

In die plek van die ou bourgeois-maatskappy met sy klasse en klasseteenstrydighede tree 'n gemeenskap waarin die vrye ontwikkeling van elkeen die voorwaarde is vir die vrye ontwikkeling van almal.

## III.

## SOSIALISTIESE EN KOMMUNISTIESE LITERATUUR.

### I. REAKSIONÊRE SOSIALISME.

#### *a. Feudale Sosialisme.*

Die Franse en Engelse aristokrasie was as gevolg van hulle plek in die geskiedenis daartoe geroep om pamflette teen die moderne bourgeois-maatskappy te skrywe. In die Franse Julie-rewolusie van 1830 en in die Engelse beweging vir die hervorming van die stemreg het hulle nogeens die neerlaag gely teen die gehate indringer. Van 'n ernstige politieke stryd kon daar nie meer sprake wees nie. Alleen die letterkundige stryd het vir hulle oorgebly. Maar ook op die gebied van die literatuur het die ou leuses van die Restourasie(5)-tyd onmoontlik geword. Om simpatie te wek moes die aristokrasie skynbaar hulle belange uit die oog verloor en slegs in die belang van die uitgebuite arbeiderklas hulle akte van beskuldiging teen die bourgeoisie formuleer. So kon hulle die voldoening geniet om skimpliedere op hulle nuwe heerser te sing en hom min of meer rampspoedige voorspellinge in die ore te fluister.

Op dié manier het die feudalistiese sosialisme ontstaan—half klaaglied, half skimpskrif, half naklank uit die verlede, half dreigement van die toekoms, wat somtyds die bourgeoisie in die hart kon tref deur bittere, geestig verpletterende kritiek, wat altyd belaglik was omrede 'n totale onbekwaamheid om die moderne geskiedenis te begryp.

(5) Nie die Engelse Restourasie, 1660 tot 1689, nie maar die Franse Restourasie, 1814 tot 1830.

Die proletariese arme-sak het hulle as 'n vaandel in die hand geswaai om die volk agter hulle te kry. Maar sodra die volk hulle gevolg het, het die volk van agter af die ou feudale wapens gesien en met luide spotgelag weggeloop.

Een afdeling van die Franse Legitimiste en die Jonge Engeland kon hierdie speletjie pragtig speel.

Wanneer die feudaliste aantoon dat hulle wyse van eksploitasie anders ingerig was as bourgeois-eksploitasie, dan vergeet hulle dat hulle uitgebuit het onder heeltemal verskillende omstandighede, wat nou al verouderd is. Wanneer hulle daarop wys dat onder hulle heerskappy die moderne proletariaat nie bestaan het nie, dan vergeet hulle dat die moderne bourgeoisie 'n noodsaaklike voortbrengsel van hulle maatskaplike orde was.

Origens verberg hulle so min die reaksionêre karakter van hulle kritiek dat hulle grootste aanklag teen die bourgeoise juis daarin bestaan dat onder hulle regering 'n klas ontwikkel wat die hele ou maatskaplike orde sal vernietig.

Hulle verwyt die bourgeoisie nie so seer dat hulle 'n proletariaat in die algemeen voortgebring het nie, maar dat hulle 'n rewolusionêre proletariaat geskep het.

In die politieke praktyk neem hulle dus deel aan alle geweldmaatreëls teen die arbeiderklas, en in die gewone lewe is dit nie benede hulle om op te tel wat hulle kan, en trou, liefde en eer te verwissel vir die knibbelhandel in wol, beetsuiker en drank nie.(6)

Soos die priester altyd met die leenheer hand aan hand geloop het, so het die priesterlike sosialisme ook met die feudalistiese saamgegaan.

Niks is makliker as om aan die Christelike askese 'n sosialistiese tintjie te gee nie. Het die Christendom dan ook nie teen private eiendom, teen die huwelik, teen die staat geywer nie? Het dit nie in plaas daarvan weldadigheid en armoede, selibaat en kastyding van die vlees, die kloosterlewe en die Kerk gepreek nie? Die Christelike sosialisme is maar die wywater waarmee die priester die ergenis van die aristokraat seën.

(6) Dit het veral betrekking op Duitsland, waar die leenhere en landadel groot gedeeltes van hul landgoedere op eie rekening deur rentmeesters laat bewerk, en bowendien fabrikante van beetsuiker en aartappel-spiritus op groot skaal is. Die meer gegoede Britse aristokrasie is totnogtoe verhewe bo so iets; maar ook hulle weet hoe om afnemende huurgelde aan te vul deur hul name te skenk aan die stigters van aandelemaatskappye wat maar betreklik onpluis is.

### *b. Kleinburgerlike Sosialisme.*

Die feudale aristokrasie is nie die enigste klas wat deur die bourgeoisie tot 'n val gebring word nie, wie se lewensvoorwaardes in die moderne bourgeois-maatskappy verkwyn en afsterf nie. Die Middeleeuse burger en die kleinboer was die voorlopers van die moderne bourgeoisie. In die minder ontwikkelde industriële en kommersiële lande sleep hierdie klasse nog 'n bestaan voort naas die opkomende bourgeoisie.

In die lande waar die moderne beskawing ontwikkel het, is 'n nuwe kleinburgerstand gevorm wat tussen die proletariaat en die bourgeoisie sweef en as 'n aanvullingsdeel van die bourgeois-maatskappy homself steeds opnuut vervorm, wie se lede egter gedurig weens die mededinging binne die proletariaat afgestoot word, ja selfs met die ontwikkeling van die grootindustrie 'n tyd sien aankom wanneer hulle as selfstandige deel van die moderne maatskappy heeltemal sal verdwyn en in die handel, in die industrie, in die landbou deur opsigters en bediendes sal vervang word.

In lande soos Frankryk, waar die boereklas baie meer as die helfte van die bevolking uitmaak, was dit natuurlik dat skrywers wat vir die proletariaat teen die bourgeoisie opgetree het, in hulle kritiek van die bourgeois-stelsel die kleinburgerlike en kleinboerse maatstaf sou toepas en vir die arbeiders vanuit die standpunt van die kleinburger party trek. So is die kleinburgerlike sosialisme gevorm. Sismondi is die hoof van die letterkundige skool, nie alleen in Frankryk nie maar ook in Engeland.

Die sosialisme het op baie skerpsinnige wyse die teenstrydighede in die moderne produksie-toestande ontleed. Dit het die huigelagtige verskonings van die ekonomiste blootgelê. Dit het onweerlegbaar op die vernielende gevolge van masjinerie en arbeidsverdeling gewys, die konsentrasie van kapitaal en grondbesit, oorproduksie, krisisse, die onvermydelike ondergang van die kleinburgers en boere, die ellende van die proletariaat, die anargie in die produksie, die skreeuende oneweredighede in die verdeling van rykdom, die industriële verwoestingsoorlog van nasies onder mekaar, die wegval van die ou sedes, van die ou familieverhoudinge, van die ou nasionaliteite.

Volgens sy bepaalde inhoud egter wil die sosialisme òf die ou produksie- en verkeersmiddele weer herstel en daarmee die ou eiendoms-verhoudinge en die ou maatskappy, òf dit wil die moderne produksie- en verkeersmiddele in die

raam van die ou eiendomsverhoudinge, wat hulle verbreek het en moet verbreek, weer met geweld opsluit. In albei gevalle is dit tegelyk reaksionêr en utopies. Verenigings in die industrie, patriargale bestuur op die platteland—dit is hulle laaste woorde.

In sy verdere ontwikkeling het die rigting doodgeloop in 'n treurige gejammer.

*c. Duitse of Ware Sosialisme.*

Die Sosialistiese en Kommunistiese literatuur van Frankryk, wat onder die druk van 'n heersende bourgeoisie ontstaan het en die letterkundige uitdrukking van die stryd teen die heerskappy is, is in Duitsland ingevoer op 'n tyd toe die bourgeoisie net hulle stryd teen die feudale absolutisme begin het.

Duitse filosowe, half-filosowe en letterkundiges het gretig die literatuur verslind en slegs vergeet dat met die intrek van die geskrifte uit Frankryk die Franse lewenstoestande nie gelyktydig in Duitsland ingetrek het nie. Toegepas op Duitse toestande het die Franse literatuur alle direkte praktiese betekenis verloor en 'n suiwer letterkundige betekenis aangeneem. Vir die Duitse filosowe van die agtiende eeu dus was die eise van die eerste Franse rewolusie niks meer nie as die eise van die „praktiese rede" in die algemeen, en die wilsuitinge van die rewolusionêre Franse bourgeoisie het in hulle oë beteken die wette van die suiwer wil, van die wil soos dit behoort te wees, van die egte menslike wil.

Die werk van die Duitse letterkundiges het eenvoudig daarin bestaan om die nuwe Franse idees met hulle ou filosofiese gewete te laat saamstem of liewer vanuit hulle eie filosofiese standpunt Franse idees oor te neem. Die toeëiening het op dieselfde manier geskied waarop 'n vreemde taal in die algemeen oorgeneem word, naamlik, deur vertaling.

Dit is bekend hoe die monnike manuskripte, waarop die klassieke werke van die ou heidense tyd geskrywe was, met lawwe geskiedenisse van katolieke heiliges oorgeskryf het. Die Duitse letterkundiges het andersom met die wêreldse Franse literatuur te werk gegaan. Hulle het hulle filosofiese onsin onder die oorspronklike Frans geskrywe. Byvoorbeeld, onder die Franse kritiek op geldverhoudinge het hulle geskrywe: „Vervreemding van die menslike wese"; onder die Franse kritiek op die bourgeois staat het hulle geskrywe; „Afskaffing van die heerskappy van die abstrakte algemene" ens.

Die inskuiwing van die filosofiese gesegdes onder die Franse redenering het hulle gedoop „ filosofie van handeling," „ ware Sosialisme," „ Duitse wetenskap van die Sosialisme," „ filosofiese grondslag van die Sosialisme," ens.

Op dié manier is die Franse Sosialisties-Kommunistiese literatuur feitlik ontman. En daar dit in die hande van die Duitser die stryd van een klas teen die ander nie langer uitgedruk het nie, was die Duitser oortuig dat hy die „ Franse eensydigheid " oorwin het, dat hy in plaas van ware behoeftes die behoeftes van die waarheid verdedig het, in plaas van die belange van die proletariërs die belange van die menslike wese—die mensdom in die algemeen, wat aan geen klas behoort nie, ook nie aan die werklikheid nie, maar alleen aan die wasige hemel van filosofiese fantasie.

Die Duitse Sosialisme, wat sy onbeholpe stellinge self in so 'n ernstige en plegtige lig beskou het en so kwaksalweragtig uitgebasuin het, het intussen sy pedantiese onskuld stadigaan verloor.

Die stryd van die Duitse en veral die Pruisiese bourgeoisie teen die adel en die onbeperkte koningskap, in een woord, die liberale beweging, het ernstiger geword.

So is die „ ware " Sosialisme die verlangde geleentheid aangebied om teenoor die politieke beweging die sosialistiese eise te stel, om die tradisionele vervloeking teen die liberalisme, teen die verteenwoordigende bestuur, teen bourgeoiskompetisie, bourgeois-persvryheid, bourgeois-reg, bourgeoisvryheid en -gelykheid te slinger en die volksmassa te preek dat hulle deur die bourgeois-beweging gevaar loop om niks te wen nie en alles te verloor. Duitse Sosialisme het op die regte tyd vergeet dat die Franse kritiek, waarvan dit die floue weerklank was, die moderne bourgeois-maatskappy met die passende materiële lewenstoestande en geskikte regeringsvorm veronderstel het—juis die dinge waarvoor daar nog in Duitsland moes geveg word.

Dit het vir die Duitse absolute regerings met hulle gevolg van predikante, skoolmeesters, landjonkers en burokrate gedien as die gewenste voëlverskrikkers teen die dreigend opkomende bourgeoisie.

Dit was die soet druppel in die bitter beker van die sweepslae en geweerkoeëls waarmee dieselfde regerings die Duitse arbeider-opstande gekasty het.

Terwyl die „ ware " sosialisme dus 'n wapen in die hand

van die regerings teen die Duitse bourgeoisie was, het dit ook 'n regstreeks reaksionêre belang verteenwoordig, die belang van die Duitse kleinburgerstand. In Duitsland vorm die kleinburgerdom, wat uit die sestiende eeu afkomstig is en van dié tyd af in verskillende vorms hier telkens weer opdaag, die eintlike maatskaplike fondament van die bestaande toestande.

Sy instandhouding beteken die instandhouding van die bestaande Duitse toestande. Van die industriële en politieke heerskappy van die bourgeoisie het die kleinburgerdom 'n gewisse ondergang te vrees, aan die een kant as gevolg van die konsentrasie van die kapitaal, aan die ander kant deur die opkoms van 'n rewolusionêre proletariaat. „Ware" Sosialisme sou albei vlieë met een klap slaan. Die nuwe leer het soos 'n epidemie gesprei.

Die gewaad uit die spinnerak van wysgerige bespieëling verwerk, met die blomme van letterkundige retorika geborduur, deurtrokke van die dou van 'n sieklike sentimentaliteit, die weelderige gewaad waarin die Duitse Sosialiste hulle paar vel-en-been- „ewige waarhede" gehul het, het slegs die verkoop van hulle ware onder die publiek laat styg.

En aan sy kant het die Duitse Sosialisme meer en meer dit as sy beroep aanvaar om die hoogdrawende verteenwoordiger van die kleinburgerlike filistyne te wees. Dit het die Duitse volk as die normale volk verkondig en die Duitse kleinburger as die normale mens. Aan elke laagheid van hierdie tipiese mens het dit so 'n verborge, hoër, Sosialistiese verklaring gegee dat dit die teenoorgestelde beteken het. Dit het selfs so ver gegaan as om direk teen die „ru-vernielende" rigting van die Kommunisme op te tree en sy eie onpartydige verhewenheid bo alle klassestryd te verkondig. Met baie min uitsonderinge behoort alle sogenoemde Sosialistiese en Kommunistiese geskrifte wat in Duitsland in omloop is tot die gebied van hierdie smerige, ontsenuende literatuur.

## 2. KONSERWATIEWE OF BOURGEOIS-SOSIALISME.

'n Deel van die bourgeoisie wil graag sosiale euwels verhelp om op dié manier die voortbestaan van die bourgeoismaatskappy te verseker.

Aan hierdie seksie behoort ekonomiste, filantrope, mensevriende, hervormers van die toestand van die arbeidende

klasse, liefdadigsorganiseerders, dierebeskermers, drankafskaffers, boghervormertjies van die mees uiteenlopende aard. En hierdie bourgeois-sosialisme is nog al tot hele stelsels uitgewerk.

As voorbeeld kan ons Proudhon se „Filosofie van die Armoede" noem.

Die Sosialistiese bourgeois verlang die lewenstoestande van die moderne maatskappy sonder die stryd en gevare wat noodsaaklik daaruit voortkom. Hulle wil die bestaande maatskappy hê sonder sy rewolusionêre en ontbindende elemente. Hulle wil die bourgeoisie sonder die proletariaat hê. Die bourgeoisie stel vir hulle die wêreld waarin hulle heers natuurlik as die beste wêreld voor en die Bourgeois-Sosialisme werk die vertroostende voorstelling tot 'n halwe of 'n hele stelsel uit. Waar dit die proletariaat aanspoor om sy stelsels te verwesenlik en die nuwe Jerusalem in te trek, dan verlang dit op die ou end alleen dat die proletariaat binne die huidige maatskappy bly staan maar van sy haatlike idees daaroor ontslae raak.

'n Tweede minder stelselmatige, dog meer praktiese vorm van die Sosialisme het probeer om die arbeiderklas vir elke rewolusionêre beweging met afkeer te vervul deur te bewys dat nóg die een nóg die ander politieke verandering, maar alleen 'n verandering van materiële lewenstoestande, van ekonomiese verhoudinge, hulle tot voordeel kon strek. Deur verandering van die materiële lewenstoestande verstaan die Sosialisme egter glad nie die afskaffing van die bourgeois-produksieverhoudinge nie, iets wat slegs langs die rewolusionêre weg moontlik is, maar administratiewe verbeteringe op bodem van daardie produksieverhoudinge aangebring, wat dus aan die verhouding tussen kapitaal en loonarbeid niks sal verander nie maar op sy beste vir die bourgeoisie die koste van hulle regering sal verminder en hulle administratiewe werk vereenvoudig.

Die Bourgeois-Sosialisme bereik sy hoogste uiting eers waar dit blote retoriese beeldspraak word.

Vrye handel, in belang van die arbeidende klas; beskermende regte, in belang van die arbeidende klas; gevangenisse met aparte selle, in belang van die arbeidende klas—dit is die laaste en die enigste ernstig bedoelde woord van Bourgeois-Sosialisme.

Die Sosialisme van die bourgeoisie bestaan juis in die bewering dat die bourgeois bourgeois is in belang van die arbeidende klas.

### 3. KRITIES-UTOPIESE SOSIALISME EN KOMMUNISME.

Ons spreek nie hier van die literatuur wat in alle groot moderne rewolusies uiting aan die eise van die proletariaat gegee het nie. (Die geskrifte van Baboeuf ens.)

Die eerste pogings van die proletariaat in 'n tyd van algemene oproering, in die tydperk van die ondergang van die feudale maatskappy, om regstreeks hulle eie klassebelange te bevorder het noodwendig misluk as gevolg van die ontwikkelde toestand van die proletariaat self, sowel as van afwesigheid van die materiële voorwaardes vir sy bevryding, wat juis eers die voortbrengsel van die bourgeois-tydvak is. Van die rewolusionêre literatuur wat die eerste bewegings van die proletariaat vergesel het, is die inhoud noodsaaklikerwys reaksionêr. Dit leer 'n algemene askese en 'n ruwe gelykmaking.

Die eintlike Sosialistiese en Kommunistiese stelsels, die stelsels van St. Simon, Fourier, Owen, ens. het te voorskyn gekom in die eerste ontwikkelingsperiode van die stryd tussen proletariaat en bourgeoisie wat ons reeds geskets het. (Sien „ Bourgeois en Proletariaat.")

Die uitvinders van hierdie stelsels sien wel die botsing tussen die klasse sowel as die werking van die ontbindende elemente in die heersende maatskappy self. Maar hulle vermoed aan die kant van die proletariaat geen historiese inisiatief nie, geen politieke beweging wat aan hulle eie is nie.

Aangesien die ontwikkeling van klassestryd gelyke tred hou met die ontwikkeling van die nywerheid, bied die ekonomiese toestand, soos hierdie skrywers dit vind, nog nie vir hulle die materiële omstandighede vir die bevryding van die proletariaat nie, derhalwe soek hulle na 'n nuwe sosiale wetenskap, na nuwe maatskaplike wette om die toestande te skep.

In die plek van die maatskaplike kragte moet hul persoonlike vindingrykheid kom; in die plek van historiese moet fantastiese voorwaardes vir bevryding kom; in die plek van die stadig groeiende organisasie van die proletariaat tot 'n klas, 'n organisasie van die maatskappy wat deur hierdie ontdekkers self bedink is. Die toekomstige wêreldgeskiedenis kom vir hulle voor bloot as propaganda en die praktiese verwesenliking van hulle sosiale planne.

Hulle is goed bewus daarvan dat hulle in hulle planne hoofsaaklik die belange van die arbeidende klas verteenwoordig—die klas wat die meeste ly. Slegs van die standpunt dat hulle die klas is wat die meeste ly, bestaan die proletariaat vir hulle.

Die onontwikkelde vorm van die klassestryd, asook hulle eie lewensomstandighede, laat Sosialiste van hierdie aard dink dat hulle vér bo alle klassestryd verhewe is. Hulle wil die lewensomstandighede van alle lede van die maatskappy, selfs die welgesteldes, verbeter. Hulle doen dus voortdurend 'n beroep op die hele maatskappy sonder onderskeid, ja selfs by voorkeur op die heersende klas. 'n Mens sou hulle stelsel immers net hoef te begryp om dit as die allerbeste maatskappy te erken.

Hulle verwerp dus alle politieke en veral alle rewolusionêre handeling; hulle wil hulle doel langs vreedsame weg bereik en probeer deur klein proefnemings, wat natuurlik misluk, en deur die mag van die voorbeeld om vir die nuwe maatskaplike evangelie baan te breek.

So 'n fantastiese skildering van die toekomstige maatskappy ontstaan in 'n tyd wanneer die proletariaat nog baie onontwikkeld is, en dus self nog hulle eie toestand en hulle eerste instinkmatige drang tot 'n algemene hervorming van die maatskappy fantasties opvat.

Maar die Sosialistiese en Kommunistiese geskrifte bevat ook kritiese elemente. Hulle val al die beginsels van die bestaande maatskappy aan. Hulle het dus baie waardevolle materiaal vir die verligting van die arbeiders gelewer. Hulle positiewe stellinge oor die toekomstige maatskappy, b.v. die afskaffing van die teenstrydigheid tussen stad en platteland, van die familie, van persoonlike wins, van loonarbeid, die verkondiging van maatskaplike harmonie, die omskepping van die funksie van die staat tot slegs 'n instrument vir die reëling van die produksie—al hierdie stellinge druk eenvoudig uit die verdwyning van die klasseteenstrydighede wat toe nog net begin ontwikkel het, wat die utopiërs nog net in hulle eerste vormlose onbepaaldheid geken het. Die stellinge self is dus nog suiwer utopies van aard.

Die belangrikheid van krities-utopiese Sosialisme en Kommunisme staan in omgekeerde verhouding tot historiese ontwikkeling. Namate die klassestryd ontwikkel en vorm kry, verloor die fantastiese opsystaan uit die stryd, die fantastiese bevegting daarvan alle praktiese waarde, alle

teoretiese regverdiging. Al was die stigters van die stelsels dus in baie opsigte rewolusionêr, tog het hulle leerlinge altyd reaksionêre sektes gevorm. Hulle hou vas aan die ou beskouinge van hul meesters in teenstand met die historiese vooruitgang van die proletariaat. Hulle probeer dus konsekwent om die klassestryd te verdoof en die teenstrydighede te versag. Hulle droom nog altyd oor die verwesenliking deur proefnemings van hulle maatskaplike utopias—oor die stigting van afgesonderde phalanstères[7], die stigting van „ Home Colonies," die oprigting van 'n klein Icaria—'n uitgawe in sakformaat van die Nuwe Jerusalem—en om al dié lugkastele te bou moet hulle 'n beroep doen op die weldadigheid van bourgeois-harte en -geldsakke. Stadigaan daal hulle af in die kategorie van die hierbogetekende reaksionêre of konserwatiewe Sosialiste en word nog net van hulle onderskei deur 'n meer stelselmatige pedanterie, deur die fanatieke bygeloof aan die wonderbaarlike werkings van hulle sosiale wetenskap.

Hulle tree dus met verbittering op teen alle politieke beweginge van die arbeiders, wat volgens hulle alleen uit 'n blinde ongeloof aan die nuwe evangelie kan voortkom.

Die Oweniste in Engeland, die Fourieriste in Frankryk verset hulle in die eerste land teen die Chartiste, in die tweede teen die *Réformistes*.

## IV.

## VERHOUDING VAN DIE KOMMUNISTE TOT DIE VERSKILLENDE OPPOSISIEPARTYE.

Afdeling II het die verhouding van die Kommuniste tot die reeds opgerigte arbeiderpartye duidelik gemaak, dus tot die Chartiste in Engeland en die landbouhervormers in Noord-Amerika.

Hulle veg om die doeleindes en belange van die arbeiderklas wat naaste by die land lê te bereik, maar hulle verteenwoordig in die teenswoordige beweging ook die toekoms van die beweging. In Frankryk sluit die Kommuniste by die sosialisties-demokratiese[8] party aan teen die konserwa-

(7) Phalansteres was sosialistiese kolonies wat opgerig is volgens die plan van Charles Fourier; Icaria was die naam wat deur Cabet gegee is aan sy Utopia en, later, aan sy Amerikaanse Kommuniste-kolonie.

(8) Die party wat destyds in die parlement verteenwoordig is deur Ledru-Rollin, in die letterkunde deur Louis Blanc (1811-1882), in die dagpers deur die *Reform*. Die naam Sosiaal-Demokrasie dui, volgens hierdie uitvinders daarvan, 'n afdeling van die Demokratiese of Republikeinse Party aan wat min of meer die kleur van Sosialisme aangeneem het.

tiewe en radikale bourgeoisie sonder om die reg op te gee om krities op te tree teenoor gesegdes en wanbegrippe wat van rewolusionêre tradisies afkomstig is.

In Switserland ondersteun hulle die radikale sonder om te vergeet dat die party uit teenstrydige elemente bestaan: deels uit demokratiese sosialiste in die Franse sin, deels uit radikale bourgeoisie.

Onder die Pole ondersteun die Kommuniste die party wat 'n rewolusie in die grondbesit beskou as noodsaaklik vir nasionale bevryding—dieselfde party wat die Krakou-opstand van 1846 in die lewe geroep het.

In Duitsland veg die Kommuniste-party, sodra die bourgeoisie rewolusionêr optree, saam met die bourgeoisie teen die absolute monargie, die feudale grondbesit en die kleinburgerdom.

Hulle laat egter vir g'n oomblik na om by die arbeiders die helderste besef moontlik aan te kweek van die vyandige teenstrydigheid tussen bourgeoisie en proletariaat nie, sodat die Duitse arbeiders die maatskaplike en politieke toestande wat die bourgeoisie met hulle heerskappy noodsaaklik moet invoer dadelik as soveel wapens teen die bourgeoisie kan keer, sodat, ná die val van die reaksionêre klasse in Duitsland, die stryd teen die bourgeoisie self onmiddellik kan begin.

Die Kommuniste wy hoofsaaklik hulle aandag aan Duitsland omdat Duitsland op die vooraand van 'n bourgeois-rewolusie staan. En omdat dit die omwenteling sal teweegbring onder baie verder gevorderde toestande van Europese beskawing in die algemeen en met 'n baie hoër ontwikkelde proletariaat as die geval was in Engeland in die 17e en Frankryk in die 18e eeu, kan die Duitse bourgeois-rewolusie dus slegs die onmiddellike voorspel van 'n proletariese rewolusie wees.

In een woord, die Kommuniste ondersteun oral elke rewolusionêre beweging teen die bestaande maatskaplike en politieke toestande.

In al die bewegings stel hulle as hoofprobleem die eiendomsvraagstuk op die voorgrond, watter meer of minder ontwikkelde vorm dit ook mag aangeneem het.

Die Kommuniste beywer hulle ten slotte oral vir vereniging van en 'n goeie verstandhouding tussen die demokratiese partye van alle lande.

Die Kommuniste ag dit benede hulle om hulle idees en bedoelings weg te steek. Hulle verklaar openlik dat hulle hulle doel alleen kan bereik deur die hele geweldadige omverwerping van alle bestaande maatskaplike toestande. Laat die heersende klasse vir 'n Kommunistiese rewolusie sidder. Die proletariërs het niks om te verloor nie, net hulle kettings. Hulle het 'n wêreld om te wen.

Werkers van die wêreld, span saam!

## BYVOEGSEL.

### VOORWOORD TOT DIE DUITSE UITGAWE VAN 1872.

Die Kommuniste-bond, 'n internasionale vereniging van werkers, wat in dié tyd weens die hersende omstandighede alleen as 'n geheime organisasie kon bestaan, het aan ons, die ondergetekendes, op die Kongres wat in November 1847 in Londen gehou is, opdrag gegee om vir publikasie 'n teoretiese en praktiese program in alle besonderhede van die Party op te stel. Op dié manier het die *Manifes* wat hier volg, ontstaan; die manuskrip is 'n paar weke voor die Februarie-rewolusie na Londen gestuur om gedruk te word. Dit is eerste uitgegee in Duits en daarna in daardie taal herdruk in Duitsland, Engeland en Amerika in ten minste twaalf aparte uitgawes. In Engels is dit vir die eerste keer in 1850 in die *Red Republic,* Londen, uitgegee, vertaal deur mej. Helen Macfarlane, en in 1871 in ten minste drie aparte vertalings in Amerika. Die Franse uitgawe het vir die eerste keer in Parys verskyn kort voor die Junie-opstand van 1848, en onlangs in *Le Socialiste* van New York. Daar word op die oomblik gewerk aan 'n nuwe vertaling. 'n Poolse uitgawe het in Londen die lig gesien kort nadat dit vir die eerste keer in Duits uitgegee is. In die sestiger jare het daar in Genève 'n Russiese vertaling verskyn. Ook in die Deense taal is dit kort na die eerste verskyning oorgesit.

Hoe seer die toestand van sake ook al in die loop van die afgelope 25 jaar verander het, die algemene beginsels soos vasgelê in hierdie *Manifes* is, oor die algemeen genome, vandag nog net so geldig as ooit tevore. Hier en daar mag daar 'n detail wees waarop verbeter kan word. Die praktiese toepassing van die beginsels sal orals en ten alle tye, soos die *Manifes* self verklaar, afhanklik wees van die historiese omstandighede wat op die oomblik heers, en om dié rede word daar geen spesiale klem gelê op die rewolusionêre maatreëls wat aan die end van Afdeling II aan die hand

gegee word nie. Daardie gedeelte sou in baie opsigte vandag baie anders opgestel word. Met die oog op die reusagtige vooruitgang in die moderne nywerheid sedert 1848, en op die verbeterde en uitgebreide organisasie van die arbeidende klas wat dit vergesel het, met die oog op die praktiese ondervinding wat opgedoen is, eers tydens die Februarie-rewolusie, en toe, tot nog groter mate, in die Paryse Kommune, waar die proletariaat vir die eerste keer vir twee hele maande die politieke mag in hande gehad het, het hierdie program in enige besonderhede verouderd geraak. Veral een ding is deur die Kommune bewys, naamlik dat „ die werkende klas nie sommer die klaargemaakte staatsmasjinerie in hande kan neem en dit tot sy eie doeleindes aanwend nie." (Vergelyk *Die Burgeroorlog in Frankryk; Rede gehou deur die Algemene Raad van die Internasionale Arbeidersvereniging*, 1871, waar verder op hierdie punt ingegaan is.) Verder is dit vanselfsprekend duidelik dat die kritiek op Sosialistiese letterkunde ontoereikend is in soverre dit die huidige tyd geld, omdat dit ons alleen tot 1847 voer; ook dat die aanmerkings oor die verhouding van die Kommuniste tot die verskillende partye (Afdeling IV), alhoewel dit in beginsel nog juis is, tog in die praktyk verouderd is, omdat die politieke posisie geheel en al verander is en die loop van die geskiedenis die grootste gedeelte van die politieke partye wat daarin genoem word van die aarde weggevee het.

Maar, die *Manifes* het 'n historiese dokument geword wat ons nie die reg meer het om verandering in aan te bring nie. 'n Latere herdruk mag moontlik verskyn met 'n inleiding wat die kloof tussen 1847 en die hede oorbrug; maar hierdie huidige herdruk is te skielik aan ons opgedra om ons die tyd te laat om sodanige inleiding te skrywe.

*Karl Marx. Frederick Engels.*

Londen, 24 Junie 1872.